

***DIE ONDERLINGE VERBAND TUSSEN  
FISIEKE AKTIWITEIT, LEWENSGELUK  
EN UITBRANDING BY VROULIKE  
BESTUURSLUI***

**C.J. Schlebusch  
(B.A., Honns.)**

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir  
die graad Magister Artium in die Skool vir Biokinetika,  
Rekreasie en Sportwetenskap aan die Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**Studieleier: Dr. L.I. Dreyer**

**Potchefstroom  
November 2000**

# VOORWOORD

Die suksesvolle aflegging van hierdie skripsie sou nie moontlik gewees het sonder die nederige en onbaatsugtige hulp van verskeie individue nie. Graag wil ek hiermee my opregte dank en waardering teenoor die volgende uitspreek, naamlik:

- My Skepper wat my die verstandelike vermoë, oneindige krag en genade gegee het om hierdie studie tot die beste van my vermoë te kon voltooi. Sonder Hom sou dit nie moontlik gewees het nie - aan Hom al die lof, dank en eer.
- My studieleier, dr. Lukas Dreyer, vir sy leiding, geduld en bereidwilligheid om altyd te help.
- My ouers vir hul liefde, ondersteuning en die geleentheid wat hulle my bied. Ek is opreg dankbaar daarvoor.
- My familie, vriende en mede studente vir hul ondersteuning.
- Jaco Storm vir sy hulp met die tegniese versorging.

Die skrywer

November 2000

# ABSTRACT

## ***The interrelationship between physical activity, happiness and burnout in female persons in managerial positions.***

Stress is a general problem among people in managerial positions. Burnout is a response to chronic emotional stress. Many research exists about the effect of participation in physical activity on the stress-health-relationship, however, little is known about the burnout-health-relationship, and what influences, if any, physical activity has on above mentioned relationship. Happiness has been found to have positive influences on health, and it is believed that participation in physical activity can increase levels of happiness.

The purpose of this study was firstly to investigate the prevalence of burnout and happiness in female managers. Secondly, the association between burnout and happiness, as well as burnout and participation in physical activity was investigated. Lastly the effect of participation in physical activity on the relationship between burnout and happiness were determined.

The subjects of the study were 321 female executives drawn from the SANGALA-data from companies all over South Africa. Participation in physical activity was determined with Sharkey's (1984) Physical Activity Index. The amount of burnout was determined using the Pines Burnout-scale (1981) and happiness was determined with the Affectometer 2 (AFM).

In the one-way analysis of variance that was done, burnout showed no statistically significant ( $p > 0.05$ ) relationship with participation in physical activity. Happiness however showed statistically significant ( $p \leq 0.05$ ) relations with burnout. The lower the amount of burnout, the happier the person.

The results of the two-way analysis shows that the statistically significant ( $p \leq 0.05$ ) relationship between burnout and happiness exists independent of participation in physical activity.

**Keywords** : Physical activity, burnout, happiness

**Sleutelwoorde** : Fisieke aktiwiteit

# INHOUDSOPGAWE

<i>LYS VAN TABELLE</i>	<i>vi</i>
<i>LYS VAN FIGURE</i>	<i>vii</i>
<i>LYS VAN AFKORTINGS</i>	<i>viii</i>

## **HOOFSTUK 1**

### **PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK**

<b>1.1</b>	<b><i>Inleiding</i></b>	<b>1</b>
<b>1.2</b>	<b><i>Probleemstelling</i></b>	<b>2</b>
<b>1.3</b>	<b><i>Doelstellings</i></b>	<b>5</b>
<b>1.4</b>	<b><i>Hipoteses</i></b>	<b>5</b>

## **HOOFSTUK 2**

### **DIE ONDERLINGE VERBAND TUSSEN FISIEKE AKTIWITEIT EN PSIGOLOGIESE WELSTAND**

#### **2.1 OMSKRYWING VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND**

##### **2.1.1 STRES EN UITBRANDING AS NEGATIEWE FAKTORE IN GESONDHEID**

<b>2.1.1.1</b>	<b><i>Inleiding</i></b>	<b>6</b>
<b>2.1.1.2</b>	<b><i>Stres en uitbranding se verband met gesondheid</i></b>	<b>8</b>
<b>2.1.1.3</b>	<b><i>Stres en uitbranding se verband met fisieke aktiwiteit en lewensstyl</i></b>	<b>16</b>
<b>2.1.1.4</b>	<b><i>Samevatting</i></b>	<b>20</b>

##### **2.1.2 LEWENSGELUK AS 'N POSITIEWE FAKTOR IN GESONDHEID**

<b>2.1.2.1</b>	<b><i>Inleiding</i></b>	<b>20</b>
<b>2.1.2.2</b>	<b><i>Lewensgeluk se verband met gesondheid</i></b>	<b>21</b>
<b>2.1.2.3</b>	<b><i>Lewensgeluk se verband met fisieke aktiwiteit en lewensstyl</i></b>	<b>23</b>
<b>2.1.2.4</b>	<b><i>Samevatting</i></b>	<b>25</b>

### **HOOFSTUK 3**

#### **METODE VAN ONDERSOEK**

<b>3.1</b>	<b><i>Keuse van proefpersone</i></b>	<b>26</b>
<b>3.2</b>	<b><i>Meetmetodes</i></b>	<b>27</b>
<b>3.3</b>	<b><i>Insamelingsprosedure</i></b>	<b>30</b>
<b>3.3</b>	<b><i>Statistiese verwerking van toetsresultate</i></b>	<b>30</b>

### **HOOFSTUK 4**

#### **BESPREKING VAN RESULTATE**

<b>4.1</b>	<b><i>Inleiding</i></b>	<b>31</b>
<b>4.2</b>	<b><i>Demografiese inligting</i></b>	<b>32</b>
<b>4.3</b>	<b><i>Beskrywende profiele</i></b>	<b>35</b>
<b>4.4</b>	<b><i>Bestuursvlak en ras se verband met fisieke aktiwiteit en uitbranding</i></b>	<b>43</b>
<b>4.5</b>	<b><i>Uitbranding se verband met lewensgeluk en fisieke aktiwiteit</i></b>	<b>48</b>
<b>4.6</b>	<b><i>Fisieke aktiwiteit se invloed op die negatiewe verband tussen uitbranding en lewensgeluk</i></b>	<b>51</b>
<b>4.7</b>	<b><i>Diskriminantontleding ter voorspelling van uitbranding</i></b>	<b>55</b>
<b>4.8</b>	<b><i>Samevatting</i></b>	<b>57</b>

### **HOOFSTUK 5**

#### **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN VERDERE NAVORSING**

<b>5.1</b>	<b><i>Samevatting</i></b>	<b>58</b>
<b>5.2</b>	<b><i>Gevolgtrekking</i></b>	<b>59</b>
<b>5.3</b>	<b><i>Verdere navorsing</i></b>	<b>62</b>

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>63</b>
---------------------	-----------

<b>AANHANGSEL</b>	<b>77</b>
-------------------	-----------

## LYS VAN TABELLE

<b>Tabel 2.1</b>	<i>Die effek van stres op gedrags- en kognitiewe aspekte</i>	9
<b>Tabel 2.2</b>	<i>Die effek van stres op die kardiovaskulêre, metaboliese en muskulêre sisteme</i>	12
<b>Tabel 2.3</b>	<i>Voorbeelde van stresverwante siektetoestande</i>	14
<b>Tabel 3.1</b>	<i>Berekening van die fisieke aktiwiteitsindeks (FAI)</i>	27
<b>Tabel 4.1</b>	<i>Beskrywende statistiek van 'n groep vroulike bestuurslui (N=321) SANGALA-studie</i>	34
<b>Tabel 4.2</b>	<i>Bestuursvlak en ras se verband met ouderdom, fisieke aktiwiteit, uitbranding en lewensgeluk</i>	43
<b>Tabel 4.3</b>	<i>Uitbranding se verband met ouderdom, fisieke aktiwiteit (FA) en lewensgeluk by vroulike bestuurslui. SANGALA-studie. (N=269)</i>	49
<b>Tabel 4.4</b>	<i>Fisieke aktiwiteit (FA) en uitbranding se verband met ouderdom en lewensgeluk by vroulike bestuurslui. SANGALA-studie. (N=269)</i>	53
<b>Tabel 4.5</b>	<i>Die mate waartoe uitbranding voorspel kan word soos bepaal met 'n diskriminantontleding</i>	56

## LYS VAN FIGURE

<b><i>Figuur 2.1</i></b>	<b><i>Voorstelling van die streskontinuum</i></b>	<b>15</b>
<b><i>Figuur 4.1</i></b>	<b><i>Rasverspreiding van die respondente</i></b>	<b>36</b>
<b><i>Figuur 4.2</i></b>	<b><i>Ouderdomsverpreiding van die blanke en swart vroulike bestuurslui</i></b>	<b>37</b>
<b><i>Figuur 4.3</i></b>	<b><i>Fisieke aktiwiteitsprofiel van die blanke en swart vroulike bestuurslui</i></b>	<b>39</b>
<b><i>Figuur 4.4</i></b>	<b><i>Uitbrandingsprofiel van die blanke en swart vroulike bestuurslui</i></b>	<b>41</b>
<b><i>Figuur 4.5</i></b>	<b><i>Lewensgelukprofiel van die blanke en swart vroulike bestuurslui</i></b>	<b>42</b>
<b><i>Figuur 4.6</i></b>	<b><i>Bestuursvlak en ras se verband met ouderdom</i></b>	<b>44</b>
<b><i>Figuur 4.7</i></b>	<b><i>Bestuursvlak en ras se verband met fisieke aktiwiteitsindeks(FAI)</i></b>	<b>45</b>
<b><i>Figuur 4.8</i></b>	<b><i>Bestuursvlak en ras se verband met uitbranding (UB)</i></b>	<b>46</b>
<b><i>Figuur 4.9</i></b>	<b><i>Bestuursvlak en ras se verband met lewensgeluk (LG)</i></b>	<b>47</b>
<b><i>Figuur 4.10</i></b>	<b><i>Fisieke aktiwiteit se invloed op die verband tussen uitbranding en lewensgeluk</i></b>	<b>55</b>

## *LYS VAN AFKORTINGS*

**FAI** *Fisieke aktiwiteit soos bereken met behulp van die fisieke-aktiwiteitsindeks van Sharkey (1984:5)*

**UB** *Uitbranding*

**LG** *Lewensgeluk*

$\bar{x}$  *Groepsgemiddeldes*

**MIN** *Minimumwaarde*

**MAKS** *Maksimumwaarde*

**S.A.** *Standaardafwyking*

**N** *Aantal respondente*

**kkal.week<sup>-1</sup>** *Kilokalorieë per week*

# 1 Probleemstelling en doel van ondersoek

## 1.1 INLEIDING

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

## 1.3 DOEL VAN ONDERSOEK

## 1.4 HIPOTEESES

---

### 1.1 Inleiding

Volgens Steenland *et al.* (1997:256) is heelwat navorsing reeds gedoen oor die stres-geondheidsverwantskap. Willis en Campbell (1992:52) wys daarop dat stres 'n groot ⌋ impak op psigologiese en fisieke geondheid het, asook aspekte soos interpersoonlike verhoudings en beroepsukses. Werkeise blyk 'n groot oorsaak van stres te wees (Arthur, 1990:187).

Uitbranding is volgens Perlman en Hartman (1981:293) 'n respons op chroniese ⌋ emosionele stres, wat lei tot emosionele en/of fisieke uitputting, verlaging in werksproduktiwiteit en depersonalisering. Min navorsing bestaan egter oor die verwantskap tussen uitbranding en geondheid. Le Roux (1999:56) vind dat hoe hoër die mate van uitbranding is, hoe swakker is die geondheidstatus van die persoon.

Verskeie studies bestaan wat aandui dat fisieke aktiwiteit 'n voordelige effek op ⌋ stresshantering het (Brown, 1991:555; Berger, 1996:339). Le Roux (1999:59) vind

egter dat fisieke aktiwiteit geen uitwerking het op die negatiewe verband tussen uitbranding en gesondheidstatus nie.

Lewensgeluk is 'n produk van 'n sekere uitkyk wat 'n persoon op die lewe het. Dit verwys volgens McGregor en Little (1998:508) na totale lewensatisfaksie en oorwegend positiewe gevoelens. Afwesigheid van lewensgeluk kan gepaard gaan met emosionele uitputting, geïrriteerdheid en angstigheid (Diedericks, 1996:42). Fourie (1999:73) vind dat lewensgeluk positiewe verbande met gesondheidstatus vertoon. Hoewel verskeie navorsingstudies daarop wys dat fisieke aktiwiteit 'n positiewe invloed op lewensgeluk het (Snyder & Spreitzer, 1974:31; Carter, 1977:310; Morgan & Goldston, 1987:158), vind Fourie (1999:73) dat bogenoemde positiewe verbande tussen lewensgeluk en gesondheidstatus onafhanklik van deelname aan fisieke aktiwiteit bestaan.

Uit bogenoemde bespreking kom dit dus na vore dat uitbranding negatiewe verbande met gesondheidstatus vertoon, terwyl lewensgeluk positiewe verbande met gesondheidstatus vertoon. Albei bogenoemde verbande blyk te bestaan, onafhanklik van deelname aan fisieke aktiwiteit. Dit wil dus voorkom of lewensgeluk en uitbranding twee uiterstes is. Dit is dus onwaarskynlik dat 'n persoon met hoë vlakke van uitbranding ook gelukkig kan wees, terwyl 'n persoon wat lae uitbrandingsvlakke het, waarskynlik aansienlik gelukkiger sal wees.

## ***1.2 Probleemstelling***

Stres is 'n algemene probleem by bestuurslui. Dit word algemeen aanvaar dat stres deur drie fases gaan en uiteindelik tot 'n toestand van uitbranding aanleiding gee (Strümpfer, 1982; Dickman, 1988:151; Robbins *et al.*, 1991:267). Volgens Jackson *et al.* (1986:630) verwys uitbranding na 'n staat van emosionele uitputting wat veroorsaak word deur uitermatige psigologiese en emosionele eise wat gestel word. Dit is bekend dat fisieke aktiwiteit as teenvoeter vir stres gebruik kan word (Aldana *et al.*, 1996:315; Shephard, 1997:211). Volgens Folkins en Sime (1981:374) is daar bewyse dat aerobiese oefening 'n doeltreffende behandelingsmetode is om die negatiewe effekte van emosionele stres teë te werk. Die verband van fisieke aktiwiteit

met gesondheid is ook reeds goed gedokumenteer en by herhaling in navorsingstudies bevestig (Bouchard & Despres, 1995:268; Blair *et al.*, 1996:335). Dit is egter onduidelik watter invloed oefening op respondente met uitbranding het. J<sub>o</sub>!!

*die in 'n beskrywing*

Kobasa (1979:9) bestudeer die verband van spanningsvolle lewensomstandighede met siekte by bestuurslui. Sy vind dat persone met 'n sogenaamde "hardy personality" minder geneig is tot uitbranding. Die kenmerke van hierdie individue is volgens Kobasa dat hulle 'n positiewe en optimistiese uitkyk op die lewe het. Hulle vertoon ook 'n ingesteldheid van beheer versus beheerloosheid. Hulle glo dat hulle beheer het oor hoe hulle hul lewensomstandighede interpreteer en toelaat dat dié omstandighede hulle emosioneel beïnvloed. Laastens demonstreer die geharde individu toegewydheid en entoesiasme teenoor werk en die lewe. Die lewe is vir hulle 'n sinvolle en vreugdevolle ervaring. Individue wat geneig is tot uitbranding, vertoon aan die ander kant presies die teenoorgestelde kenmerke. Hulle voel moeg, vasgevang, afgemat, hulpeloos, angstig en ongelukkig (Pines *et al.*, 1981:3). Pines (1994:438) het in 'n studie op 159 respondente gevind dat mense nie aan uitbranding ly wanneer hulle bestaanswaarde ervaar in die take wat hulle verrig nie. In 'n studie op honderd werkers met 'n gemiddelde ouderdom van 49 jaar toon Wright en Bonett (1997:495) aan dat daar 'n negatiewe verband tussen emosionele uitputting en daaropvolgende werksprestasie is. Dié verband bestaan onafhanklik van ouderdom, geslag en die aanvangswerk-prestasiepunt. Dit wil dus voorkom of uitbranding en optimisme soos twee pole teenoor mekaar staan. Die implikasie is dat dit onwaarskynlik is dat mense met uitbranding hoë vlakke van optimisme, lewensinvolheid en geluk sal rapporteer.

Fourie (1999:79) vind dat bestuurslui wat gelukkig is, 'n statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) beter staat van gesondheid vertoon as ongelukkige individue. Lewensgeluk verwys na lewensatisfaksie en 'n oorwegend positiewe ingesteldheid/gevoelens versus negatiewe gevoelens, aldus McGregor en Little (1998:508). In 'n studie deur Carter (1977:310) is gevind dat persone wat gereeld oefen en fisiek fiks is, aansienlik gelukkiger is as onaktiewe onfikse persone. Aspekte soos lewensgeluk, gesondheid, fisieke aktiwiteit en lewenstyl toon duidelike onderlinge verwantskappe met mekaar (Van der Merwe, 1997:171; Fourie, 1999:68). Daar kan dus verwag word dat hoë vlakke van lewensgeluk afwesig behoort te wees by mense met hoë vlakke van

uitbranding en dat lewensgeluk positief deur fisieke aktiwiteit beïnvloed kan word. In 'n studie van Rabie (1999:90) het fisieke inoefening 'n statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) positiewe effek op die geestelike welstand en lewensgeluk by 'n groep vroue ( $N=70$ ) tot gevolg gehad. Verdere ontleding van bogenoemde data toon egter aan dat die fisieke inoefeningsprogram nie lewensgeluk voldoende verbeter het by vroue wat by aanvang van die studie verlaagde lewensgelukwaardes gehad het nie (Dreyer, 1999). Le Roux (1999:61) vind in samehang hiermee dat fisieke inoefening feitlik geen verband met gesondheidstatus vertoon by vroulike bestuurslui met hoë vlakke van uitbranding nie.

Tradisioneel is vroue minder geneig tot koronêre hartvatsiektes (Louw, 1990:552). Dit is egter nie onmoontlik dat vroue heelwat ander gesondheidsprobleme as mans vertoon nie. Vroue in bestuursposisies behoort ook 'n anderssoortige gesondheidsprofiel te vertoon as vroue in die algemeen. Daar blyk ook verskille te bestaan in die maniere hoe mans en vroue stres hanteer. Volgens Jick en Mitz (1985:408) is vroue oor die algemeen meer geneig tot psigologiese distres (bv. depressie en emosionele ongemak), terwyl mans geneig is tot tipe A-gedrag soos woede, aggressie en vyandigheid. Vroulike bestuurslui kan egter 'n anderssoortige profiel vertoon ten opsigte van gesondheid. Sedert die politieke transformasie in 1994 word vroue in 'n toenemende mate in bestuursposisies in Suid-Afrika aangestel. Min inligting bestaan oor die psigologiese en fisieke gesondheidsprofiel van vroulike bestuurslui in Suid-Afrika. Dit is ook onseker of daar verbande tussen aspekte soos uitbranding, lewensgeluk, fisieke aktiwiteitspatrone en gesondheid by vroulike bestuurslui bestaan.

Die vrae wat derhalwe met die navorsing beantwoord wil word, is eerstens om te bepaal hoe vroulike bestuurslui ten opsigte van uitbranding en lewensgeluk vertoon. Tweedens ontstaan die vraag of uitbranding enige verband met lewensgeluk en deelname aan fisieke aktiwiteit vertoon. Laastens ontstaan die vraag of fisieke aktiwiteit enige uitwerking het op die verband wat uitbranding en lewensgeluk met mekaar vertoon. Antwoorde op hierdie vrae sal 'n aanduiding verskaf of daar 'n verband tussen lewensgeluk en uitbranding bestaan en in watter mate deelname aan

oefening dié verband (indien enige) beïnvloed. Dit sal ook 'n aanduiding verskaf van hoe groot die probleem rakende uitbranding by vroulike bestuurslui in Suid-Afrika is.

### ***1.3 Doelstellings***

Die doel van die studie is:

- 1.3.1 om die voorkoms van uitbranding en lewensgeluk by vroulike bestuurslui te bepaal;
- 1.3.2 om uitbranding se verband met lewensgeluk en deelname aan fisieke aktiwiteit te ondersoek; en
- 1.3.3 om te bepaal of fisieke aktiwiteit enige uitwerking het op die moontlik negatiewe verband wat tussen uitbranding en lewensgeluk bestaan.

### ***1.4 Hipoteses***

Hierdie studie is op die volgende hipoteses gegrond:

- 1.4.1 Groot persentasies vroulike bestuurslui presenteer met uitbranding en 'n klein aantal met 'n hoë mate van lewensgeluk.
- 1.4.2 Uitbranding gaan gepaard met verlaagde lewensgelukwaardes en 'n verlaagde deelname aan fisieke aktiwiteit.
- 1.4.3 Fisieke aktiwiteit het geen uitwerking op die negatiewe verband wat uitbranding met lewensgeluk vertoon nie.



## *Die onderlinge verband tussen fisieke aktiwiteit en psigologiese welstand*

### **2.1 STRES EN UITBRANDING AS NEGATIEWE FAKTORE IN GESONDHEID**

#### *2.1.1 Inleiding*

#### *2.1.2 Stres en uitbranding se verband met gesondheid*

#### *2.1.3 Stres en uitbranding se verband met fisieke aktiwiteit en lewenstyl*

#### *2.1.4 Samevatting*

### **2.2 LEWENSGELUK AS 'N POSITIEWE FAKTOR IN GESONDHEID**

#### *2.2.1 Inleiding*

#### *2.2.2 Lewensgeluk se verband met gesondheid*

#### *2.2.3 Lewensgeluk se verband met fisieke aktiwiteit en lewenstyl*

#### *2.2.4 Samevatting*

---

### **2.1 STRES EN UITBRANDING AS NEGATIEWE FAKTORE IN GESONDHEID**

#### **2.1.1 Inleiding**

Stres het 'n groot impak op psigologiese en fisieke gesondheid, asook aspekte soos interpersoonlike verhoudings en beroepsukses (Willis & Campbell, 1992:52). Volgens Sweeting (1990:150) is homeostase 'n toestand van liggaamsbalans en is ons liggame voortdurend besig om by interne en eksterne veranderings aan te pas. Stres kom voor

wanneer die eise groter is as die liggaam se vermoë om aan te pas (Sweeting, 1990:151). Volgens Lazarus en Folkman (1984:19) is psigologiese stres 'n toestand wat ontstaan wanneer die individu iets in sy omgewing as bedreigend ervaar. Selye (1956:128) definieer stres as die nie-spesifieke respons van die liggaam op eise wat gestel word. Onaangename lewensomstandighede is nie noodwendig sleg/skadelik nie. Die verskil lê in die wyse hoe die individu dit wat met hom gebeur, evalueer en interpreteer (Strümpfer, 1982:12). 'n Versteuring in die interne homeostase sal voorkom sodra die individu lewensgebeure as sodanige bedreiging ervaar dat dit vrees tot gevolg het. Die reaksie op vrees kan wissel van onttrekking en gevoelens van hulpeloosheid aan die een kant, en tot woede, vyandigheid, aggressie en blaam aan die ander kant (Dickman, 1988:70).

Weefselskade is dikwels die gevolg van 'n langtermynversteuring van die interne homeostase met gevolglike siektetoestande (Dreyer, 1996:83). Die streshormone norepinefrien, epinefrien en kortisol is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik (Dickman, 1988:73). Ten einde energie wat gebruik word om te veg en te vlug aan die spiere te voorsien, stimuleer norepinefrien die hidrolise van glikogeen na glukose en vette na vetsure. Epinefrien ondersteun die respons deur die lewer en vetstore te stimuleer om glukose en vetsure vry te stel. Beide hierdie hormone tree in werking binne sekondes nadat die individu stres begin ervaar. Kortisol het egter 'n langtermynwerking en is verantwoordelik vir die afbreek van proteïene na aminosure. Verder verplaas en herversprei kortisol vet vanaf die vetstore na die perifere weefsel, insluitend die koronêre vate (Dickman, 1988:73).

In die eerste deel van hierdie hoofstuk word stres en uitbranding se verband met gesondheid bespreek. Tweedens word fisieke aktiwiteit se uitwerking op stres en op stres se verband met gesondheid behandel. Dit word opgevolg met 'n bespreking van lewensgeluk as positiewe faktor in gesondheid met spesifieke verwysing na die uitwerking van fisieke inoefening op lewensgeluk en laasgenoemde (lewensgeluk) se verband met gesondheid.

## ***2.1.2 Stres en uitbranding se verband met gesondheid***

### ***Inleidend***

Volgens Kasl (1984:319) is die verband tussen stres en gesondheid kompleks en multidimensioneel. Streshantering word volgens die responsgebaseerde benadering in drie fases verdeel, naamlik die alarmfase, weerstandfase en uitputtingsfase. Dit is die sogenaamde GAS-teorie wat Selye gedefinieer het (Sweeting, 1990:151).

### ***Alarmfase***

Hierdie fase ontstaan sodra die individu bewus word van die stressor en lei tot die afskeiding van adrenalien en ander streshormone (Dreyer, 1996:81; Dickman, 1988:70). Die liggaam maak gereed om te veg en te vlug (Sweeting, 1990:151; Carlson, 1995:315). Tydens die fase verhoog die liggaam se vermoë om stressors te hanteer ver bo die normale weerstandvlak (Louw & Edwards, 1993:673).

### ***Weerstandfase***

As gevolg van die afskeiding van bogenoemde streshormone beskik die persoon oor verhoogde fisieke en intellektuele vermoëns (Dreyer, 1996:82). 'n Persoon kan betreklik lank in hierdie fase verkeer (Dreyer, 1996:82), maar volgens Robbins *et al.*, 1991:268) is daar dan groter kans vir negatiewe gevolge. Die fase kan vir 'n onbepaalde tydperk duur, waarna die laaste fase, naamlik uitputting, bereik kan word.

### ***Uitputtings- en ineenstortingsfase***

Hierdie fase word gekenmerk deur verlaagde produktiwiteit en nog hoër stresvlakke (Dreyer, 1996:82), en is dus 'n onaangename en ongesonde vorm van stres, naamlik "dystress" (Strümpfer, 1982:12).

Tydens dié fase is die energie benodig vir aanpassing uitgeput en daal die persoon se weerstandvlak tot onder normaal (Louw & Edwards, 1993:673). Sekere kognitiewe en gedragsveranderinge kom voor, wat aanleiding gee tot swak menseverhoudings en besluitnemingsvermoëns. (Kyk Tabel 2.1)

**Tabel 2.1: Die uitwerking van stres op gedrags- en kognitiewe aspekte**

<i>Gedragsafwykings</i>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Oormatige geneigdheid om te kompeteer</li><li>• Chroniese moegheid en gebrek aan motivering</li><li>• Egosentrisme</li><li>• Woede, vyandigheid en aggressie</li><li>• Gevoelens van hulpeloosheid en selfbejammering</li><li>• Dagdromery en 'n geneigdheid om uit te stel of te sloer</li><li>• Onvermoë om te slaap of 'n geneigdheid om te verslaap</li><li>• Gebrek aan eetlus of 'n geneigdheid om te ooreet</li></ul>
<i>Kognitiewe afwykings</i>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Onvermoë om te konsentreer</li><li>• Verlaagde intellektuele vermoëns</li><li>• Besluitloosheid</li><li>• Vergeetagtigheid</li></ul>

(Dreyer, 1996:82)

As stres voortduur ten spyte van pogings om dit te beheer, begin 'n derde fase geleidelik ontwikkel, naamlik die fase van liggaamlike uitputting (Sweeting, 1990:152). Hierdie fase gaan gepaard met verlies aan fisieke en psigiese energie en kan tot verskeie psigosomatiese siektes lei (Sweeting, 1990:152).

Volgens Perlman en Hartman (1982:293) kan die volgende algemene definisie vir uitbranding gegee word, naamlik dat dit 'n respons op chroniese emosionele stres is. Dit bestaan uit drie komponente, naamlik emosionele en/of fisieke uitputting, afname in werksproduktiwiteit, en depersonalisering (Cordes *et al.*, 1997:686; Wright & Bonett, 1997:492; Pienaar, 1994:18; Diedericks, 1996:34).

Depersonalisering verwys na die hantering van mense asof hulle objekte is (Cherniss, 1993:140), dit wil sê 'n siniese onpersoonlike optrede teenoor mense (Cordes *et al.*, 1997:686). Volgens Pienaar (1994:18) het emosionele uitputting gevoelens van hulpeloosheid tot gevolg asook 'n negatiewe houding teenoor jouself, jou werk en die lewe oor die algemeen. 'n Negatiewe selfkonsep en gevoel van minderwaardigheid ontstaan, asook 'n afname in interpersoonlike vaardighede (Diedericks, 1996:43).

Uitbranding is naby verwant aan stres, maar nie sinoniem daarmee nie (Pienaar, 1994:18), hoewel die simptome van stres en uitbranding grootliks ooreenstem (Niehouse, 1981:28). Kotze (1986:32) beweer dat psigiese uitbranding en stres verwar word as gevolg van ooreenstemmige simptome. Uitbranding is egter 'n simptoem van stres. Volgens Niehouse (1981:28) is stres 'n "stepping-stone" tot uitbranding, maar nie almal wat aan stres ly, sal noodwendig "uitbrand" nie. Diedericks (1996:35) verwys na die "uitbrandingsindroom" wat as gevolg van hoë vlakke van werkspanning, persoonlike frustrasie en onvoldoende aanpassingsvermoë ontstaan.

Die term uitbranding is in 1974 deur Herbert Freudenberger, 'n kliniese sielkundige wat bekend is met die stresresponse, gebruik om 'n sindroom te beskryf wat hy geglo het algemeen voorkom by gesondheidswerkers. Dié sindroom kom egter ook voor by ander beroepe, onder meer die onderwys, polisie en sakewêreld (Mayou, 1987:284). Verskeie diverse definisies vir uitbranding het al na vore gekom. In meeste gevalle verwys uitbranding na 'n staat van emosionele uitputting wat veroorsaak word deur

uitermatige psigologiese en emosionele eise wat aan persone gestel word (Jackson *et al.*, 1986:630).

Behalwe Selye se responsgebaseerde benadering tot stres, bestaan daar ook ander benaderings, naamlik die stimulusgebaseerde benadering en die interaksionele benadering.

Volgens die stimulusgebaseerde benadering word stres beskryf as 'n eksterne faktor of krag wat op die een of ander manier ontstellend of steurend is vir die individu. Daar word beweer dat die individu sekere perke van toleransie vir stressors het, en wanneer dié perke oorskry word, kan permanente fisiologiese en psigologiese skade plaasvind (Louw & Edwards, 1993:675). Daar bestaan steeds kritiek rakende bogenoemde benadering wat tot die interaksionele benadering gelei het.

Volgens die interaksionele benadering is responsprosesse (die stresrespons en gevolglike siektetoestande) die resultaat van 'n interaksie tussen die oorsaaklike faktore (psigososiale stimuli, genetiese predisposisie en ervarings van die individu). Daar bestaan verder ook tussenveranderlikes wat ekstern, geestelik of fisies kan wees en sowel die interaksie tussen die oorsaaklike faktore en/of die responsprosesse kan beïnvloed. Terugvoering is ook 'n kenmerk van dié perspektief. Die interaksionele benadering voer die model verby 'n eenvoudige stimulus-respons-benadering van stres (Sutherland & Cooper, 1990:18). Die benadering word vandag die wydste ondersteun deur stresnavorsers, ten spyte van die gevaar wat bestaan dat navorsers die belangrikheid van subjektiewe ervaring in die identifikasie van omgewingstressors sal onderbeklemtoon (Louw & Edwards, 1993:682).

### ***Die invloed van stres op gesondheid***

Soos reeds genoem, affekteer stres die interne homeostase. Veranderinge wat plaasvind, word vervolgens in Tabel 2.2 aangetoon.

**Tabel 2.2: Die uitwerking van stres op die kardiovaskulêre, metaboliese en muskulêre sisteme**

<i>Kardiovaskulêr</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoog harttempo</li> <li>• Verhoog bloeddruk</li> <li>• Asemhalingstempo versnel</li> <li>• Verhoog bloedvloei na spiere</li> </ul>
<i>Metabolies</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vertering van voedsel in die maag word vertraag en bloed word vanaf die maag na die spiere gekanaliseer</li> <li>• Verhoog bloedglukosekonsentrasie</li> <li>• Verhoogde hidrolise van glikogeen na glukose en vet na vetsure</li> <li>• Verhoogde vrystelling van glukose en vetsure na die lewer en vetstore</li> <li>• Verlaagde bloedvloei na die maag en ander organe wat nie benodig word vir aktiwiteit nie</li> <li>• Verhoogde afbreek van proteïen na aminosure en aminosure na glukose</li> <li>• Verhoogde herverspreiding van vet vanaf die vetstore na perifere weefsel vir gebruik as energie</li> <li>• Algehele verhoging van liggaamselle se metabolismespoed</li> </ul>
<i>Muskulêr</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoogde spierspanning en spierkrag</li> <li>• Bloed se stollingspoed verhoog</li> <li>• Glikoliseproses in die spiere versnel</li> </ul>

(Dreyer, 1996:81)

Volgens Silverman, Eichler en Williams (1987:47) vind navorsers gereeld verbande tussen stres en siekte. Resultate van die 1985 "National Interview Survey" toon aan dat 49 % vroue en 38 % mans rapporteer dat stres 'n invloed op hul gesondheid gehad het (Sweeting, 1990:158). Suls en Mullen (1981:30) wys daarop dat die akkumulering van onbeheerbare lewensgebeure waarskynlik siekte by die individu sal veroorsaak.

Jemmett (1987:267) rapporteer dat psigologiese stres kan bydra tot die ontwikkeling van 'n aantal siektes, byvoorbeeld koronêre hartvatsiektes, gastroïntestinale probleme en moontlik kanker. Volgens DeMense (1985:115) word stres veroorsaak deur lewensgebeure en word die onvermoë om stres te hanteer, algemeen vereenselwig met hartaanvalle, tuberkulose, diabetes, maagsere en depressie. Die sekresie van glukokortikoïedhormone dra oor die lang termyn by tot onder meer verhoogde bloeddruk, weefselskade en inflammatoriese response (Carlson, 1995:315). Hoë bloeddruk kan lei tot 'n beroerte- of hartaanval. In Tabel 2.3 word enkele voorbeelde van stresverwante siektetoestande aangetoon.


**Tabel 2.3: Voorbeelde van stresverwante siektetoestande**

<i>Kardiovaskulêr</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koronêre hartvatsiektes</li> <li>• Beroerte</li> <li>• Borspyn of angina</li> <li>• Hipertensie</li> <li>• Aritmie</li> </ul>
<i>Muskulêr</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spanningshoofpyne</li> <li>• Spierspasma, rug- en nekpyne</li> </ul>
<i>Respiratoriese en allergiese toestande</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Asma</li> <li>• Hooikoors</li> </ul>
<i>Maag en buik</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maagsere</li> <li>• Sooibrand</li> <li>• Maagdermkanaal ontsteking</li> <li>• Pyne op die maag</li> <li>• Naarheid en vomering</li> <li>• Hardlywigheid</li> <li>• Diaree</li> </ul>
<i>Velsiektes</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Pitswere</li> <li>• Karbonkels</li> <li>• Aknee</li> <li>• Ekseem</li> </ul>
<i>Ander</i>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Chroniese moegheid, lomerigheid of letargie</li> <li>• Tipe A gedragpatrone</li> <li>• Depressie</li> <li>• Vergeetagtigheid</li> <li>• Diabetes Mellitus</li> </ul>

(Dreyer, 1996:83)

Verskeie dwarsdeursnitstudies lewer positiewe resultate ten opsigte van die stres- gesondheid-verwantskap (Steenland *et al.*, 1997:256; Schnall *et al.*, 1990:1929; Kinne *et al.*, 1999:369). Schnall *et al.* (1990:1933) vind in 'n studie op mans in hul werksomgewing dat werkstres vereenselwig word met verhoogde diastoliese bloeddruk en vergrootte linker ventrikulêre massa. Werkstres is gemeet deur middel van 'n 24-item vraelys van Robert Karasek. Dit het bestaan uit twee afdelings wat werkbeheer en werkeise meet. In studies op tandartse is gevind dat stres vereenselwig word met kardiovaskulêre siektes, hoër selfmoordsyfers, hoër bloeddruk en depressie (Möller & Spangenberg, 1996:348).

Dit wil voorkom of 'n individu hom ten opsigte van die hantering van probleme iewers op 'n kontinuum bevind (Strümpfer, 1982:6). Die regterkant van die kontinuum verteenwoordig "eustress" en die linkerkant "dystress".



**Figuur 2.1: Voorstelling van die streskontinuum**

"Eustress" verwys na optimum prestasie, terwyl "dystress" verwys na die onvermoë om omstandighede te hanteer, siekte en selfs sterfte.

Elke mens bevind hom iewers op die kontinuum (Strümpfer, 1982:6), afhangende van sy vermoë om sy omstandighede te beoordeel. Die individu bepaal dus self of sy omstandighede 'n negatiewe of positiewe invloed op sy produktiwiteit en gesondheid gaan hê.

### ***2.1.3 Stres en uitbranding se verband met fisieke aktiwiteit en lewenstyl***

#### ***Inleidend***

Fisieke aktiwiteit word in die literatuur met 'n positiewe verlaging in stres geassosieer. Volgens Long en Haney (1988:75) is aerobiese oefening 'n effektiewe behandelingsmetode vir die negatiewe effek van stres. Fisieke aktiwiteit kan moontlik die duur van die stresrespons verlaag en herstel na rustende vlakke bewerkstellig (Rejeski *et al.*, 1991:188; Rudolph & Mcauley, 1995:206). Volgens Cox *et al.* (1988:71) verskaf fisieke aktiwiteit 'n psigologies ondersteunende omgewing waarbinne streshanteringstrategieë ontwikkel en inge oefen kan word. Feitlik geen literatuur kan egter gevind word wat die invloed van fisieke aktiwiteit op uitbranding bestudeer het nie.

#### ***Stres en fisieke aktiwiteit***

Fisieke aktiwiteit kan gedefinieer word as die beweging van die groot spiergroepe van die liggaam op 'n gereelde basis om uithouvermoë-fiksheid tot gevolg te hê (Rippe, 1997:1).

In 'n studie op mans deur Tucker *et al.* (1986:960) kom dit duidelik na vore dat daar 'n betekenisvolle verskil tussen die stresvlakke van fikse en onfikse respondente is. 'n Kraus-Weber-toets is uitgevoer om fisieke fiksheid te bepaal. Om stres te meet, is daar van 'n 10-item vraelys gebruik gemaak wat deur die Health Evaluation and Longevity Planning Foundation ontwerp is (Friedman, 1979). Dit kom voor of lae fiksheidsvlakke met hoër stresvlakke gepaard gaan.

effek v oef

Navorsing deur Pretorius *et al.* (1989:85) toon aan dat 'n inoefeningsprogram sekere voordele ten opsigte van streshantering toon. Die duur van die program was 12 weke teen 'n intensiteit van 70 % - 80 % van die individu se maksimale harttempo en teen 'n frekwensie van drie keer per week. Bogenoemde navorsers is ook van mening dat inoefening 'n betekenisvolle invloed op die afskeiding van stresverwante hormone soos kortisol, prolaktien en testosteroon kan meebring. Daar is 'n groter afskeiding in die testosteroonkonsentrasie tydens 'n akute stressor by die proefpersone. Na inoefening speel dit 'n belangrike rol in die ervaring van 'n stressor, aangesien individue die stressor na 'n periode van inoefening as 'n uitdaging beskou, in teenstelling met die reaksies wat daarop dui dat die stressor aanvanklik as 'n bedreiging beskou is. Voor inoefening het daar 'n afname in testosteroon- en kortisolkonsentrasie tydens stresvolle situasies (wat eksperimenteel geskep is) voorgekom, wat daarop dui dat die stressors as bedreiging ervaar is (Pretorius *et al.*, 1989:78). Uit die studie blyk dit duidelik dat inoefening die afskeiding van die stresverwante hormone betekenisvol beïnvloed het en derhalwe ook die ervaring van stres beïnvloed.

Na aanleiding van navorsing op bestuurders vind Jacobs (1991:83) dat fisieke aktiwiteit 'n betekenisvolle "buffereffek" teen stresvolle gebeure en liggaamsongesteldhede kan meebring. Jacobs (1991:71) toon verder aan dat oefening 'n verhoging in die interne liggaamstemperatuur tot gevolg het, wat 'n kalmerende uitwerking het weens 'n verlaging in neuromuskulêre spanning.

In 'n studie deur Brown (1991:555) vind hy dat persone wat fisiek fiks is, minder vatbaar is vir die nadelige uitwerking van stres as dié wat minder fiks is. Die studie is op mans- en vrouestudente uitgevoer en fisieke aktiwiteit is bepaal deur middel van die fisieke akktiwiteitsvraelys wat Brown ontwikkel het. Stres is gemeet met die Life Experiences Survey (Sarason *et al.*, 1978:940).

Roth en Holmes (1985:166) doen 'n studie op mans en vroue en vind dat persone wat hoë vlakke van stres ervaar en fisiek fiks is, 'n kleiner kans het om gesondheidsprobleme te ontwikkel as die wat onfiks is. Stres is hier ook gemeet deur die Life Experiences Survey (Sarason *et al.*, 1978:940).

Na aanleiding van 'n meta-analise deur Crews en Landers (1987:S115) beweer hulle dat fikse respondente 'n betekenisvolle afname in psigososiale stres rapporteer in vergelyking met respondente wat oor 'n lae vlak van fiksheid beskik. Oefening is volgens hulle 'n "coping"-strategie, want dit help om die liggaam se interne homeostase te herstel, wat die fisiologiese uitwerking wat stres op die liggaam het, neutraliseer.

### ***Stres en lewenstyl***

Chroniese angs, depressie en ontevredenheid met die lewe word vereenselwig met 'n verhoogde risiko vir infeksie, kanker en hartsiektes (Shephard, 1997:213). 'n Deel van die effek kan wees as gevolg van geassosieerde alkoholisme, sigaretrook en onaktiwiteit wat met angs en depressie gepaard gaan (Vingerhoets *et al.*, 1990:333; Shephard, 1997:213).

Thune *et al.* (1998:1633) noem dat daar 'n leemte is betreffende studies op vroue, aangesien meeste studies op mans uitgevoer word. Vroue word in toenemende mate in bestuursposisies aangestel en daar is bewyse dat sekere risikofaktore soos 'n verhoging in stres, swak dieet, alkoholmisbruik, sigaretrook en persoonlikheidstipe hulle meer vatbaar kan maak vir gesondheidsprobleme (Brown-Rowat *et al.*, 1990:133). Tipe A-gedrag, daaglikse stres en huweliksontevredenheid kom waarskynlik meer by werkende vroue as by huisvroue voor (Haynes & Feinleib, 1980:133). Tipe A-persoonlikheid word vereenselwig met 'n verhoogde risiko vir koronêre hartsiektes en miokardiale infarksie (Brown-Rowat *et al.*, 1990:133).

Watts *et al.* (1992:90) wys daarop dat eetgewoontes, gewigsbeheer, oefening, rookstaking, stresbeheer en selfkonsep in gesondheidsbevorderende intervensieprogramme in die werksopset ingesluit word. Bogenoemde faktore is dus belangrik in gesondheid.

Volgens Duffy *et al.* (1996:18) is lewenstylveranderings belangrik om die voorkoms van siekte te verlaag en gesondheid te bevorder. Dié skrywers beweer dat vroue meer opgevoed is in terme van goeie lewenstylaspekte. Selfagting het 'n positiewe verband met deelname aan gesondheidsbevorderende aktiwiteite, sowel as selfdoeltreffendheid wat as belangrikste voorspeller in dié verband beskou word (Duffy *et al.*, 1996:18).

Fry (1994:214) ondersoek in 'n studie op 104 vroulike bestuurslui die verband wat persoonlikheid en streshantering met mekaar het. Die respondente het hulself vrywillig aan die studie onderwerp. Daar is spesifiek gekyk na hoe perfeksionisme, humorsin en optimisme 'n effek het op selfagting, uitbranding en fisieke gesondheid.

In bogenoemde studie deur Fry (1994:218) is perfeksionisme gemeet met die Multidimensionele Perfeksionismeskaal (Hewitt & Flett, 1991:460) wat betekenisvol korreleer met die Burns Perfeksionismeskaal (Burns, 1980:35). Humor is gemeet met die Streshanteringshumorskaal van Martin en Lefcourt (1983:1314). Cronbach alpha-waardes van 0.6 tot 0.7 is vir bogenoemde skaal gevind. Die Situasië Humor Responsvraelys van Martin en Lefcourt (1984:146) is ook gebruik. Optimisme is gemeet met Scheier en Carver (1985:220) se Measure of Dispositional Optimism. Volgens die navorser is daar genoeg data om geldigheid en betroubaarheid te ondersteun. Die Modified Maslach Burnout Inventory (Maslach & Jackson, 1981:99) is vir die meet van uitbranding gebruik. Golembiewski en Munzenrider (1984:301) voorsien genoegsame data om betroubaarheid en geldigheid te ondersteun. Gesondheid is gemeet met die Health Opinion Survey (McMillan, 1957:325).

Volgens die navorser word perfeksionistiese mense meer geaffekteer deur stres. Hulle is meer vatbaar vir siekte, ervaar meer uitbranding en het 'n laer selfagting (Fry, 1994:222). Die navorser beweer dat sodanig persone meer vatbaar is vir stres omdat hulle onrealistiese standaarde vir hulself stel. Humor is 'n unieke menslike strategie en het terapeutiese eienskappe in die hantering van stres (Fry, 1994:226). Humorsin maak dit makliker om frustrerende lewensgebeure te hanteer en het dus 'n buffereffek op stres (Fry, 1994:226). Volgens die navorsers groei humoristiese mense uit stresvolle situasies. Fry (1994:228) vind dat optimisme 'n ander streshanteringsstrategie is en die voorkoms van die negatiewe effekte van stres verlaag. Optimisme buffer die effek van negatiewe lewensgebeure op vroue se selfagtingsontwikkeling asook en hul fisieke gesondheid (Fry, 1994:229). Optimistiese mense en mense met 'n goeie humorsin interpreteer negatiewe lewensgebeure meer positief en die voorkoms van uitbranding is laer. Volgens Fry (1994:239) stem bogenoemde bevindings ooreen met ander studies.

### **2.1.4 Samevatting**

Uit die voorafgaande gedeelte kom dit na vore dat stres 'n negatiewe invloed op gesondheid het. Uitbranding is 'n ernstige probleem vir bestuurslui, en in die besonder vroulike bestuurslui (Marengo, 1995:95; Hatvany, 1997:8). Verskeie navorsingstudies is al gedoen om die invloed van fisieke aktiwiteit op stres, gesondheid en die stres-gesondheid-verwantskap aan te toon (Brown, 1991:555; Gulette *et al.*, 1997:1521). Min navorsing bestaan egter oor wat die uitwerking van fisieke aktiwiteit op die uitbranding-gesondheidverwantskap aantoon.

## **2.2 LEWENSGELUK AS POSITIEWE FAKTOR IN GESONDHEID**

### **2.2.1 Inleiding**

Psigologiese welstand verwys na lewensatisfaksie en die graad van persoonlike lewensgeluk (Willis & Campbell, 1992:42). As mense gevra word wat hulle bedoel met geluk, beskryf hulle dit óf as 'n staat van blydskap (wat 'n emosie is), óf as 'n staat van satisfaksie (wat kognitief is), of as 'n kombinasie van bogenoemde (Argyle & Martin, 1991:77). Volgens Veenhoven (1991:10) kan geluk en lewensatisfaksie as sinonieme beskou word. Lewensatisfaksie verwys na die mate waartoe 'n individu die kwaliteit van sy lewe as gunstig ervaar (Veenhoven, 1991:12). Tatarkiewiez (1976:8) toon aan dat geluk afhang van totale satisfaksie met die lewe.

Volgens McGregor en Little (1998:508) verwys lewensgeluk na lewensatisfaksie, positiewe gevoelens en die afwesigheid van negatiewe gevoelens. Nhat Hahn (1995) wys daarop dat geluk nie in eksterne dinge gevind kan word nie. Dit kom daarop neer dat die individu die mag het tot keuses en besluite. Nhat Hahn (1995) maak die volgende stelling:

“We are alive in the present moment, the only moment there is for us to be alive...We are very good at preparing to live....but not very good at living....Happiness is possible only in the present moment.”

Geluk bestaan volgens Argyle en Martin (1991:78) uit drie onafhanklike komponente, naamlik die frekwensie en graad van positiewe gevoelens of blydschap, satisfaksie oor 'n periode van tyd en die afwesigheid van negatiewe gevoelens soos depressie en angs. Dié navorsers beweer verder dat vroue meer geneig is om depressief te wees, hoewel hulle oor die algemeen net so gelukkig as mans is.

Volgens Maddux (1997:344) het die Westerse beskawing die siening dat geluk iets is wat ons in die toekoms sal hê, deur middel van swaarkry en opofferings in die hede. Oosterse filosowe stem nie saam met bogenoemde siening nie (Maddux, 1997:344). Dit kom daarop neer dat geluk, asook sin en betekenis in die hier en nou gevind behoort te word, en nie in een of ander verbeeldingryke toekoms nie.

In die woorde van Alan Watts (1951:35):

“If my happiness at this moment consists largely in reviewing happy memories and expectations, I am but dimly aware of this present. I shall still be dimly aware of the present when the good things I have been expecting come to pass... if then, my awareness of the past and future makes me less aware of the present, I must begin to wonder whether I am actually living in the real world.”

### ***2.2.2 Lewensgeluk se verband met gesondheid***

Kaplan *et al.* (1993:10) definieer gesondheid as 'n staat van fisieke, psigiese en sosiale welstand, en nie net die afwesigheid van siekte nie. Lewensgeluk word gesien as deel van psigiese gesondheid.

Psigiese uitputting word volgens Diedericks (1996:42) gekenmerk deur die ontwikkeling van 'n negatiewe houding teenoor die self, werk en lewe, en kan moontlik 'n verklaring wees vir die afwesigheid van lewensgeluk. Gevoelens van depressie, hulpeloosheid en hopeloosheid word ervaar, en persone voel emosioneel gedreineer, geïrriteerd en gespanne (Diedericks, 1996:42).

Volgens Dreyer (1996:53-65) vertoon aspekte soos depressie, vyandigheid, woede, aggressie en pessimisme negatiewe verbande met gesondheid en lewenstyl.

Volgens 'n studie deur Fourie (1999:73) op manlike bestuurslui blyk dit dat lewensgeluk, onafhanklik van fisieke aktiwiteit, verbande met gezondheidstatus vertoon. Respondente wat ongelukkig is, toon 'n swakker gezondheidstatus as gelukkige respondente, selfs al is die wat ongelukkig is, meer fisiek aktief. Die navorser vind ook dat onafhanklik van lewensgeluk, fisieke aktiwiteit en gezondheidstatus geen verbande met mekaar vertoon nie. Deelname aan fisieke aktiwiteit is gemeet met die fisieke aktiwiteitsindeks van Sharkey (1984:5) wat reeds in verskeie studies gebruik is (Snyman, 1986:15; Dreyer *et al.*, 1988:11; Dreyer, 1991:44). Om gezondheidstatus te meet, is die Seriousness of Illness Rating Scale van Wyler *et al.* (1968:364) gebruik. Lewensgeluk is met die Affectometer 2 (AFM) gemeet, wat volgens Kammann en Flett (1983:260) betroubaar is (Cronbach- $\alpha=0.95$ ).

Selfgeaktualiseerde individue is volgens die humanistiese benadering beskryf as die suksesvolle en funksionele individue, dit wil sê mense met verstandelike sowel as sielkundige gesondheid (Maslow, 1956; Rogers, 1980). Sweeting (1990:165) bevestig dat die selfgeaktualiseerde individu meer geneig is tot 'n gesonde lewenstyl en meer lewensgeluk of lewensatisfaksie ervaar. Hy sê verder dat dit iemand is wat die lewe as 'n uitdaging sien, en sekerheid het oor dit wat betekenis gee aan sy lewe en weet waarheen hy op pad is.

Van der Merwe (1998:73) toon aan dat selfaktualisering 'n belangrike rolspeler is ten opsigte van gesondheid, en dat selfaktualisering feitlik net soveel bydra tot die gezondheidstatus se variansie as deelname aan fisieke aktiwiteit. Dit impliseer dat selfaktualisering na alle waarskynlikheid onafhanklik van deelname aan fisieke aktiwiteit en lewenstyl, bepaalde gesondheidsvoordele het. Navorsers stem egter saam dat selfgeaktualiseerde mense oor die algemeen meer geneig is tot 'n gesonder lewenstyl en meer gereelde fisieke aktiwiteit (Sweeting, 1990:165; Rothman, 1996:90). Bellingham *et al.* (1989:18) bevestig uit hul studie dat die selfgeaktualiseerde individu groter mates van lewensvreugde of lewensgeluk asook lewensinvloed vertoon as individue wat nie selfgeaktualiseerd is nie.

Lewensinvloed verwys daarna dat 'n individu sekerheid moet hê oor dit wat betekenis gee aan sy lewe. Volgens Seaward (1991:168) is die identifisering van dit

wat betekenis gee aan die lewe en die opstel van bereikbare kort- en langtermyn doelwitte 'n fondament van gesondheid.

### ***2.2.3 Lewensgeluk se verband met fisieke aktiwiteit en lewenstyl***

Volgens Morgan en Goldston (1987:158) het oefening voordelige emosionele effekte vir mans en vroue van alle ouderdomme. Daar word tipies aanvaar dat fisiek aktiewe mense hulself meer positief sien as onaktiewe mense. Snyder en Spreitzer (1974:30) vind 'n verband tussen psigologiese welstand en sportbetrokkenheid. Die navorsers vind ook dat bogenoemde verband sterker by vroue is. Hulle bespiegel dat die positiewe verband as gevolg van intrinsieke pret en plesier is wat geassosieer word met sport en spele (Snyder & Spreitzer, 1974:31).

Carter (1977:310) ondersoek of mense wat oefen, gelukkiger is as onaktiewe mense. Hy maak gebruik van 'n nie-ewekansigbepaalde proefgroep bestaande uit volwassenes. 'n Lae positiewe korrelasie van .27 is gevind tussen geluk en oefening. Verskeie moontlike verklarings vir bogenoemde verband tussen geluk en oefening word gegee, naamlik veranderings in die senuweestelsel as gevolg van oefening, wat die daaglikse lewe vergemaklik, verbeterde selfeffektiwiteit en meer sosiale kontak deur middel van oefening (Carter, 1977:312). Dit blyk volgens die studie dat fisieke aktiwiteit nie 'n persoon gelukkiger kan maak nie, maar dat dit wel daartoe kan bydra dat 'n persoon wat reeds gelukkig is, gelukkiger word. Carter (1977:312) vind verder dat liggaamsgewig 'n invloed het op 'n persoon se selfkonsep, en dat selfkonsep goed korreleer met geluk.

Die veranderinge in liggaamsamestelling weens deelname aan fisieke aktiwiteit oor 'n lang tydperk kan lei tot verhoogde energievlakke en 'n jonger voorkoms, wat gevolglik 'n direkte positiewe invloed op selfbeeld het (Willis & Campbell, 1992:39). Selfbeeld het 'n invloed op selfkonsep en selfagting, asook die mate van selfaktualisering, wat bydra tot ervaarde lewensgeluk of lewenskwaliteit (Sweeting, 1990:61).

Liggaamsmassa en lewensgeluk toon 'n direkte verband met mekaar by 'n groep universiteitsvroue (Hoffman, 1998:9). Oorgewig vroue vertoon statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) laer lewensgeluk as vroue wat nie oorgewig is nie. Uit die studie blyk dit

ook dat oorgewig vroue wat aan fisieke aktiwiteit deelneem, dieselfde mate van lewensgeluk ervaar as fisiek onaktiewe vroue wat nie oorgewig is nie.

In 'n studie op 519 Amerikaanse vlootmanskappe is daar 'n positiewe verband tussen positiewe gesondheid/fiksheidstatus en lewensgeluk/lewenskwaliteit gevind (Woodruff & Conway, 1990:90). Longitudinale ontledings is gedoen en lewensgeluk/lewenskwaliteit is verkry deur van die Over-all Quality of Life-skaal gebruik te maak, wat 'n interne konstantheidskoëffisiënt van .91 toon. Die meting van gesondheid- en fiksheidstatus is gedoen deur van 'n 4-itemskaal gebruik te maak, met 'n gemiddelde Cronbach-alfa van .83. Gesondheidsgedrag is bepaal deur 'n lewenstylvraelys, waarvoor geen aanduiding van betroubaarheid deur die navorsers verskaf is nie. Die navorsers vind dat verbeteringe in gesondheidsverwante gedrag en lewensgeluk/lewenskwaliteit, onafhanklik van die individu se fiksheidstatus, verbande met mekaar toon.

Hoewel meer studies nodig is oor die verband tussen fisieke aktiwiteit en lewensgeluk, glo mense wat oefen dat hulle 'n meer positiewe uitkyk op die lewe het. Die rede waarom oefening 'n uitwerking het, kan wees as gevolg van fisiologiese, psigologiese of sosiale faktore, of 'n kombinasie van bogenoemde (Willis & Campbell, 1992:43).

Deelname aan fisieke aktiwiteit dien as 'n snellermeganisme om destruktiewe lewensgewoontes te verander, byvoorbeeld die aankweek van gesonde eetgewoontes (Weinstein, 1987:8; Eddy & Beltz, 1989:168).

Heelwat bewyse bestaan wat daarop dui dat siektes soos kanker en hartsiektes, wat hoofsaaklik van morbiditeit en mortaliteit is, hoofsaaklik deur lewenstylfaktore veroorsaak word (Breslow, 1990:155). Dit blyk uit die navorsing dat die tien hoofsaaklike van sterftes direk verband hou met lewenstyl (Ainsworth, 1984:6; Iverson, 1987:60).

Lewenstyl beïnvloed gesondheid deurdat dit 'n impak het op biologiese sisteme, hoofsaaklik die fisiologiese, chemiese, immunologiese en anatomiese sisteme (Breslow, 1990:156).

In 'n opname op 52 000 respondente deur *Psychology Today* is gevind dat fisieke aktiwiteit laer geag word as faktore soos vriende, huis, werk en liefde as bydraende faktor tot lewensgeluk (Shaver & Freedman, 1976:30).

### **2.2.4 Samevatting**

Volgens voorafgaande bespreking is geluk iets wat in die hede te vinde is. Lewensgeluk word beskou as deel van psigiese gesondheid. Psigiese uitputting lei tot negatiewe gevoelens/houdings wat uiteindelik ongelukkigheid tot gevolg het. Dit wil voorkom of lewensgeluk 'n belangriker bydraer tot gesondheid is as wat fisieke aktiwiteit is. Volgens navorsing het fisieke aktiwiteit positiewe verbande met lewensgeluk. Dit kan egter wees as gevolg van veranderinge in lewenstylfaktore en verlaging in liggaamsmassa as gevolg van die fisieke aktiwiteit wat die positiewe verbande uitlok, eerder as die fisieke aktiwiteit self. Hormonale veranderinge (afskeiding van endorfiene en katesjolamiene) wat plaasvind direk na deelname aan aerobiese oefening, kan moontlik 'n invloed hê op die positiewe uitwerking wat fisieke aktiwiteit op lewensgeluk het (Falkenberg, 1987:514). Dit kan daartoe aanleiding gee dat individue laer angs en stres ervaar, kognitiewe take makliker verrig en gevolglik beter oor hulself en hul omstandighede voel.

Rabie (1999:85) vind dat inoefening 'n positiewe effek op lewensgeluk het, onafhanklik van faktore soos liggaamsmassa en moontlike eksterne faktore soos lewensfilosofie of -uitkyk.

# *3 Metode van ondersoek*

## *3.1 KEUSE VAN PROEFPERSONE*

## *3.2 MEETMETODES*

## *3.3 INSAMELINGSPROSEDURE*

## *3.4 STATISTIESE VERWERKING VAN TOETSRESULTATE*

---

### *3.1 Keuse van proefpersone*

Die SANGALA-projek is 'n landwye projek wat ten doel het om deelname aan fisieke aktiwiteit en vryetydaktiwiteite asook sportbeoefening, te bevorder. Corporate-SANGALA is 'n projek wat gerig is op bestuurslui, insluitend middel- en topvlakbestuur en word deur die Suid-Afrikaanse Biokinetikavereniging gehanteer. Genoemde vereniging het biokinetici regoor die land die taak opgelê om inligting by maatskappye in te samel en gesondheidsverwante inligting aan bestuurslui en maatskappye deur te gee. Geen protokol is gevolg om ewekansigheid te probeer verkry nie. Maatskappye is genader deur biokinetici en die wat belang gestel het in die projek is gevra om die vraelyste te voltooi. In die lig van die groot getal respondente afkomstig uit feitlik al die provinsies, kan geargumenteer word dat die data betreklik verteenwoordigende inligting van bestuurslui in Suid-Afrika verskaf.

'n Getal van 278 blanke vroulike bestuurslui tussen die ouderdomme van 20 en 60 jaar is vir die doel van die studie gebruik.

### 3.2 Meetmetodes

Die volgende SANGALA-vraelyste (Aanhangsel) is vir die doel van die studie gebruik:

#### 3.2.1 Die fisieke aktiwiteitsindeks van Sharkey (FAI)

Die fisieke aktiwiteitsindeks van die respondente is bepaal deur gebruik te maak van die metode soos deur Sharkey (1984:5) aangebied. Die indeks van Sharkey is reeds in verskeie studies (Dreyer, 1991:44; Van der Merwe, 1995:36; Jordaan, 1998:70; Rabie, 1999:45) gebruik om respondente se deelname aan fisieke aktiwiteit te gradeer. Volgens dié metode word deelname aan fisieke aktiwiteit as indeks uitgedruk deur numeriese waardes aan die inoefeningsvereistes, naamlik intensiteit, duur en frekwensie van deelname toe te ken en hierdie drie waardes met mekaar te vermenigvuldig. 'n Gemiddelde waarde tussen winter en somer word verkry.

**Tabel 3.1: Berekening van die fisieke aktiwiteitsindeks**

<i>Intensiteit</i>	<i>Duur</i>	<i>Frekwensie</i>
1 = Nie moeg nie	1 = Minder as 10 min	1 = Een keer/maand
2 = Effens moeg	2 = 10-19 min	2 = Paar keer/maand
3 = Moeg	3 = 20-29 min	3 = 1-2 keer/week
4 = Baie moeg	4 = Meer as 30 min	4 = 3-5 keer/week
5 = Uitgeput		5 = Byna daaglik

Indien 'n persoon vir een uur (duur = 4) vyf keer per week (frekwensie = 4) aan aerobiese aktiwiteit (draf, swem, fietsry, roei, muurbal, ens.) deelneem en rapporteer dat hy moeg word (intensiteit = 3), sou sy fisieke aktiwiteitsindeks (FAI) soos volg bereken word:

$$\begin{aligned}
 \text{FAI} &= \text{duur} \times \text{frekwensie} \times \text{intensiteit} \\
 &= 4 \times 4 \times 3 \\
 &= 48
 \end{aligned}$$

Die indeks waarde is gelykstaande aan 'n kalorieverbruik van ongeveer 1000kcal.week (Dreyer, 1991:45).

### 3.2.2 *Uitbrandingsvraelys*

Die uitbrandingsvraelys is saamgestel deur Pines *et al.* (1981). Dit is 'n 21-itemvraelys wat beantwoord kan word deur 'n waarde (1-7) aan elke vraag toe te ken, met 1 = nooit en 7 = altyd. Die 21 vrae meet fisiese, emosionele en kognitiewe uitputting.

Die volgende normatiewe waardes geld volgens Pines *et al.* (1981) ten opsigte van uitbranding:

- 2-3: Geringe uitbranding. Die telling impliseer dat die respondent goed funksioneer.
- 3-4: Matige uitbranding. Die telling is 'n goeie aanduiding vir die respondent om sy werk en lewenswyse krities te beskou, sy prioriteite te evalueer en moontlike veranderings te oorweeg.
- 4-5: Hewige uitbranding. Die telling dui onder meer ook op gevoelens van hulpeloosheid, hopeloosheid, emosionele dreinerings, negatiewe selfkonsep, asook negatiewe houdings teenoor die werk en mense.

Volgens Pines *et al.* (1981) is die Pines-uitbrandingskaal betroubaar (Cronbach-alfabetroubaarheids waarde = 0.81) en besit dit 'n interne konstantheid, soos bereken met die Alpha-koëffisiënt, van 0.91-0.93. 'n Betroubaarheidskoëffisiënt van 0.89 (eerste maand) en 0.66 (vierde maand) is onderskeidelik gevind.

'n Beduidende korrelasie met 'n waarskynlikheids waarde van  $p \leq 0.05$  is tussen die uitbrandingskaal, werk- en lewensdruk gevind (Diedericks, 1996:71). Diedericks (1996:71) dui ook 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0.934 vir die uitbrandingskaal aan.

Strümpfer (1990:265) het bevind dat koherensiebelewing 'n merkwaardige impak op die benadering tot die werk en prestasie by die werk het. Die bestuurder wat sy werk en die uitdagings wat daaruit ontstaan as onhanteerbaar ervaar, beskik waarskynlik nie oor die nodige aanpassingsvermoëns nie en ly uiteindelik aan akute vlakke van uitbranding.

Die resultate van die studie wat deur Diedericks (1996:86) op 91 bestuurlui uitgevoer is, ondersteun laasgenoemde navorsing van Strümpfer (1990:265) gedeeltelik. 'n Lae sin vir koherensie blyk om tot hoë vlakke van uitbranding te lei. 'n Hoë koherensiebelewing het egter die teenstrydigheid met onder meer die feit dat private en gesinslewe ook tot die uitbranding kon lei.

Pines (1994:438) het ook verder in 'n studie op 159 respondente gevind dat mense nie uitbrand wanneer hulle bestaanswaarde ervaar in die take wat hulle verrig nie. In 'n studie op 100 werkers met 'n gemiddelde ouderdom van 49 jaar toon Wright en Bonett (1997:495) aan dat daar 'n negatiewe verband tussen emosionele uitputting en daaropvolgende werkprestasie is ( $t = -2.134$ ; met 'n Pearson-korrelasie van 0.31). Die verband is onafhanklik van ouderdom, geslag en aanvangswaarde van prestasie. Die 22-item Maslach Burnout Inventory is vir die studie gebruik (Maslach & Jackson, 1981:99).

### ***3.2.3 Lewensgeluk of lewenskwaliteit***

Die Affectometer 2 (AFM) is 'n vraelys wat as maatstaf gebruik sal word vir die meet van algemene gelukkigheid of gevoel van welsyn. Die vraelys is gebaseer op die meet van die balans tussen positiewe (PA) en negatiewe (NA) gevoelens. Volgens Kammann en Flett (1983:263) is die AFM betroubaar (Cronbach-alfa = 0.95) en beskik dit ook oor goeie geldigheid. 'n Betroubaarheidsindeks (Cronbach-alfa) van 0.86 (PA), 0.83 (NA) en 0.88 (PNB) is gevind, aldus Kammann en Flett (1983:263). Van al die skale beskikbaar vir die meet van welstand, is die Affectometer 2 deur Kammann en Flett (1983:259-265) in uiteensetting volgens Affectometer 1 ontwerp, en ook naby verwant aan die Affect Balance Scale van Bradburn (1969). Die Affect Balance Scale het soos by die Affectometer 2 reeds vermeld, verskeie items vir die

meet van positiewe en negatiewe gevoelens. Dit kom na vore dat die Affectometer 2 as maatstaf gebruik is in 'n studie om die verwantskap tussen algemene welstand en depressie te ondersoek (Kammann & Flett, 1983:261). Die Affect Balance Scale is in 'n omvattende studie deur Kozma *et al.* (1997:143-166) vergelyk met soortgelyke skale vir die meet van subjektiewe welstand of gevoel van welsyn. Vervolgens kan die Affectometer 2 beskou word as 'n betekenisvolle aanduider van lewensgeluk of lewenskwaliteit.

### ***3.3 Insamelingsprosedures***

Die Suid-Afrikaanse Biokinetikavereniging het biokinetici regoor die land die taak opgelê om inligting by maatskappye in te samel en gesondheidsopvoeding te doen. Die projek is in 1998 geloods. Al die biokinetici het opleiding met betrekking tot die invul van die vraelys ontvang. Die inligting van al die blanke vroulike middel- en topvlakbestuurslui wat die vraelys tot einde September 1999 voltooi het, is gebruik.

### ***3.4 Statistiese verwerking van die toetsresultate***

Die Statistica-rekenaarverwerkingspakket wat op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) se netwerk beskikbaar is, is gebruik om die data te verwerk. Vir hipotese 1 is daar van beskrywende statistiek gebruik gemaak, en vir hipotese 2 is 'n eenrigting-variensieanalise (Thomas & Nelson, 1990:141-153) gebruik. 'n Tweerigting-variensieanalise (Thomas & Nelson, 1990:147-153) en 'n stapsgewys-meervoudige regressieanalise (Thomas & Nelson, 1990:123-126) is vir hipotese 3 gebruik.

# 4

## *Bespreking van resultate*

### *4.1 INLEIDING*

### *4.2 DEMOGRAFIESE INLIGTING*

### *4.3 BESKRYWENDE PROFIELE*

### *4.4 BESTUURSVLAK EN RAS SE VERBAND MET FISIEKE AKTIWITEIT EN UITBRANDING*

### *4.5 UITBRANDING SE VERBAND MET FISIEKE AKTIWITEIT EN LEWENSGELUK*

### *4.6 FISIEKE AKTIWITEIT EN UITBRANDING SE VERBAND MET LEWENSGELUK*

### *4.7 DISKRIMINANTONTLEDING TER VOORSPELLING VAN UITBRANDING*

### *4.8 SAMEVATTING*

---

### *4.1 Inleiding*

Ten einde 'n logiese volgorde ten opsigte van die bespreking van data te verseker, word die resultate op die volgende wyse aangebied:

- *Eerstens* word die demografiese inligting van die groep vroulike bestuurslui (N = 321) weergegee.

- *Tweedens* word die totale groep se beskrywende profiel ten opsigte van ras, ouderdom, fisieke aktiwiteitsindeks, uitbranding en lewensgeluk aangebied.
- *Derdens* word die resultate van die eenrigting-variensieanalise bespreek om uitbranding se verband met ouderdom, fisieke aktiwiteit en lewensgeluk aan te toon.
- *Laastens* word fisieke aktiwiteit en uitbranding se onderlinge verbande met lewensgeluk bespreek soos bepaal met 'n tweerigting-variensieanalise.

## 4.1 Demografiese inligting

Die data wat in die studie gerapporteer word, is soos reeds aangetoon, verteenwoordigend van die SANGALA-studie. Vir die doel van die studie is daar van blanke vroulike bestuurslui gebruik gemaak.

Die beskrywende statistiek word aangebied in Tabel 4.1. Ter wille van logiese volgorde word die totale groep se waardes eerstens bespreek waarna die rasprofiel onder die opskrif beskrywende profiele bespreek word. Die gemiddelde ouderdom van die respondente (N=321) wat in die ondersoek gebruik is, is  $38 \pm 9.04$ , met die jongste respondent 20 jaar en die oudste 60 jaar. Die respondente is jonger as 'n groep vroue (N=70) wat in 'n studie deur Rabie (1999:53) gebruik is ( $\bar{x}=45.53 \pm 13.23$ ), sowel as 'n groep manlike bestuurslui wat deur Fourie (1999:57) gebruik is ( $\bar{x}=41.31 \pm 9.4$ ). Die respondente is ook jonger as 'n groep manlike bestuurslui wat in 'n studie deur Dreyer en Strydom (1994:4) gebruik is. Twee-en-dertig persent (32 %) van die respondente is topvlakbestuurslui, en 68 % is middelvlak bestuurslui.

Deelname aan fisieke aktiwiteit is gemeet met die fisieke aktiwiteitsindeks (FAI) van Sharkey (1984:5), en die gemiddelde waarde is  $22.69 \pm 30.9$ . Dit is hoër as die gemiddelde waarde wat deur Rabie (1999:53) in bogenoemde studie op 'n groep vroue in 'n plattelandse dorp verkry is, naamlik  $16.33 \pm 28.43$ . In 'n studie op manlike

bestuurslui vind Fourie (1999:57) 'n gemiddelde fisieke aktiwiteit indeks waarde van  $31.67 \pm 35.73$ , wat hoër is as die waarde wat in die onderhawige studie gevind is. Die minimum waarde vir deelname aan fisieke aktiwiteit is 0 en die maksimum waarde is 164. Die ACSM se riglyne vir effektiewe deelname aan fisieke aktiwiteit verteenwoordig 'n waarde van  $\pm 36$  op die Sharkey-indeks. Dit blyk uit die beskrywende statistiek dat blanke vroue 'n hoër gemiddelde fisieke aktiwiteit indeks waarde vertoon ( $\bar{x} = 23.51 \pm 31.77$ ) as swart vroue ( $\bar{x} = 15.89 \pm 24.23$ ). Nie een van die twee groepe neem as 'n geheel egter effektief deel aan fisieke aktiwiteit nie in ag genome die feit dat die gemiddelde fisieke aktiwiteit indeks waardes laer as die 36 drempel waarde is.

Die gemiddelde uitbrandings waarde vir die groep respondente is  $3.19 \pm 0.82$ . Dit vergelyk goed met die gemiddelde waarde van  $3.15 \pm 0.95$  wat deur Van der Linde en Van der Westhuizen (1999:192) in 'n studie op 421 onderwyseresse in die Noordwes Provinsie gedoen is. Die waarde is egter effens hoër as die gemiddelde waarde ( $\bar{x} = 2.4 \pm 0.75$ ) wat in 'n studie op vroulike Mexikaanse blouboortjiewerkers ( $N = 241$ ) deur Pines en Guendelman (1995:9) gekry is. In 'n studie deur Etzion en Pines (1986:199) vergelyk die gemiddelde waardes van 'n groep Israeli-vroue ( $N = 114$ ) en 'n groep Amerikaanse vroue ( $N = 173$ ) goed met die onderhawige studie ( $\bar{x} = 3.21$  en  $\bar{x} = 3.76$  onderskeidelik). Die minimum waarde is 1.1 en die maksimum waarde is 5.71. Uitbranding is gemeet met die uitbrandingsvraelys van Pines *et al.* (1981).

Lewensgeluk se gemiddelde waarde is  $15.56 \pm 11.06$ . Dit is laer as die gemiddelde waarde wat deur Fourie (1999:57) verkry is op 797 blanke mans, naamlik  $19.03 \pm 9.3$ . In beide studies is daar van die Affectometer 2 gebruik gemaak. Die minimum waarde is -22 en die maksimum waarde is 39. In 'n studie deur Judge *et al.* (1994:773) op manlike bestuurslui is 'n gemiddelde lewensatisfaksie- of lewensgeluk waarde van 24.1 verkry uit 'n groep van 1062 respondente. Soos gesien kan word, is die verskil nie groot nie. Vrouebestuurslui blyk dus nie werklik ongelukkiger te wees as manlike bestuurslui nie.

**Tabel 4.1** *Beskrywende statistiek van 'n groep vroulike bestuurslui*  
(*N = 321*) SANGALA-studie

<i>PARAMETER</i>	<i>GROEPE</i>	<i>N</i>	$\bar{x}$	<i>MIN</i>	<i>MAKS</i>	<i>S.A</i>
<i>Ouderdom</i>	<b>Totaal</b>	<b>314</b>	<b>38.35</b>	<b>20</b>	<b>60</b>	<b>9.04</b>
	<b>Blanke</b>	<b>270</b>	<b>38.27</b>	<b>20</b>	<b>60</b>	<b>8.74</b>
	<b>Swart</b>	<b>37</b>	<b>38.95</b>	<b>21</b>	<b>58</b>	<b>11.44</b>
	<b>Kleurling</b>	<b>2</b>	<b>29</b>	<b>25</b>	<b>33</b>	<b>5.66</b>
	<b>Portugees</b>	<b>1</b>	<b>40</b>	<b>40</b>	<b>40</b>	
<i>Fisieke aktiwiteitsindeks (FAI)</i>	<b>Totaal</b>	<b>321</b>	<b>22.69</b>	<b>0.0</b>	<b>164</b>	<b>30.9</b>
	<b>Blank</b>	<b>272</b>	<b>23.51</b>	<b>0.0</b>	<b>164</b>	<b>31.77</b>
	<b>Swart</b>	<b>38</b>	<b>15.89</b>	<b>0.0</b>	<b>96</b>	<b>24.23</b>
	<b>Kleurling</b>	<b>2</b>	<b>49.5</b>	<b>46</b>	<b>53</b>	<b>4.95</b>
	<b>Portugees</b>	<b>1</b>	<b>0.0</b>	<b>0.0</b>	<b>0.0</b>	
<i>Uitbranding (EWB)</i>	<b>Totaal</b>	<b>320</b>	<b>3.19</b>	<b>1.1</b>	<b>5.71</b>	<b>0.82</b>
	<b>Blank</b>	<b>271</b>	<b>3.18</b>	<b>1.1</b>	<b>5.71</b>	<b>0.84</b>
	<b>Swart</b>	<b>38</b>	<b>3.2</b>	<b>1.95</b>	<b>4.48</b>	<b>0.63</b>
	<b>Kleurling</b>	<b>2</b>	<b>3.38</b>	<b>2.33</b>	<b>4.43</b>	<b>1.48</b>
	<b>Portugees</b>	<b>1</b>	<b>4.43</b>	<b>4.43</b>	<b>4.43</b>	
<i>Lewensgeluk (HWB-Q)</i>	<b>Totaal</b>	<b>320</b>	<b>15.56</b>	<b>-22</b>	<b>39</b>	<b>11.06</b>
	<b>Blank</b>	<b>272</b>	<b>15.31</b>	<b>-22</b>	<b>39</b>	<b>11.02</b>
	<b>Swart</b>	<b>37</b>	<b>17.57</b>	<b>-17</b>	<b>35</b>	<b>10.83</b>
	<b>Kleurling</b>	<b>2</b>	<b>10.00</b>	<b>-4</b>	<b>24</b>	<b>19.80</b>
	<b>Portugees</b>	<b>1</b>				

$\bar{x}$  = *gemiddelde waardes*

*S.A.* = *standaardafwyking*

*MIN* = *minimumwaarde*

*MAKS* = *maksimumwaarde*

## **4.2 Beskrywende profiele**


### **4.2.1 Rasprofiel**

Soos aangetoon in Tabel 4.1 en Figuur 4.1 bestaan 86.9% van die vroulike bestuurslui uit blankes. Swart vroue maak 12.14% van die populasie uit, terwyl Kleurling- en Portugese vroue onderskeidelik 0.64% en 0.32% uitmaak. Die oorgrote meerderheid van die respondente is dus blank. As gevolg van uiters klein getalle word Kleurling- (N=2) en Portugese (N=1) vroue weggelaat in die res van die bespreking.


### **4.2.2 Ouderdomsprofiel**

Volgens Strydom (1986:34) het die verouderingsproses 'n duidelike uitwerking op die fisieke vermoë van die mens. Dit is goed bekend dat mense minder aktief raak namate hulle ouer word.

Figuur 4.2 toon aan dat 19.47% blanke vroue en 26.32% swart vroue jonger as 29 jaar is. Verder is 69.49% blanke en 50% swart vroue tussen die ouderdomme van 30 en 49 jaar. Die oorblywende 11.03% blanke vroue en 23.68% swart vroue is ouer as 50 jaar. Die oorgrote meerderheid is dus jonger as 49 jaar en die respondente is oorwegend jonger as in ander soortgelyke studies. 'n Moontlike verklaring hiervoor is waarskynlik die groter toetrede van vroue in bestuursposisies in Suid-Afrika weens regstellende aksie.



**Figuur 4.1: Rasverspreiding van die respondente**




**Figuur 4.2: Ouderdomsverspreiding van blanke- en swart vroulike bestuurslui**

### 4.2.3 Fisieke aktiwiteitsprofiel (FA)

Fisieke aktiwiteit moet aan sekere beginsels voldoen ten opsigte van intensiteit, duur en frekwensie, alvorens dit enige gesondheidsbehoudende waarde kan hê (Bouchard *et al.*, 1990:30; Pollock *et al.*, 1984:60). Volgens die ACSM (1995:158) word 'n intensiteit en 60-90% van die maksimale harttempo, 'n frekwensie van 3-5 keer per week en duur van 20-30 minute per sessie aanbeveel. As daar aan bogenoemde vereistes voldoen word, sal dit 'n indekswaarde van 36 beteken (ACSM, 1995:158). Volgens navorsing verteenwoordig 'n totale kilokalorieverbruik van meer as 1000 kkal.week<sup>-1</sup> 'n indekswaarde van groter as 45, en 'n berekende indekswaarde van 16 en kleiner, deelname aan fisieke aktiwiteit gelykstaande aan 'n kilokalorieverbruik van ongeveer 150 kkal.week<sup>-1</sup> (Dreyer, 1991:45). Dreyer (1991:45) toon verder dat 'n indekswaarde van groter as 64 'n totale kilokalorieverbruik van meer as 1500 kkal.week<sup>-1</sup> verteenwoordig. Paffenbarger (1987:116) toon aan dat persone met 'n energieverbruik van meer as 1500 kkal.week<sup>-1</sup> 'n merkbaar laer koronêre mortaliteitsrisiko as fisiek onaktiewe individue het.

Soos aangetoon in Figuur 4.3, het die meerderheid respondente 'n FAI kleiner as 36 (69.85% blanke en 84.21% swart vroue). Slegs 30.15% blanke en 15.79% swart vroue het 'n FAI groter as 36. Die respondente neem dus volgens bogenoemde riglyne nie effektief deel aan fisieke aktiwiteit nie.

Te min tyd as gevolg van werkeise kan dalk 'n rede vir die onaktiwiteit van die groep wees. In 'n studie van Strydom *et al.* (1991:70) vind hulle dat vroue tussen die ouderdomme van 35 en 64 jaar die minste aktief is van die onderskeie ouderdomsgroepe.



**Figuur 4.3: Fisieke aktiwiteitsprofiel van blanke- en swart vroulike bestuurslui**

#### **4.2.4 Uitbrandingsprofiel (UB)**

Uitbranding is bepaal met behulp van die uitbrandingsvraelys van Pines *et al.* (1981). Soos reeds genoem, is dit 'n 21-item vraelys, wat gebruik word om die effek van uitbranding te meet by mense wat saam werk. Anders as die Maslach Burnout Inventory kan dié vraelys uitbranding in alle beroepe meet en nie slegs die waar met mense gewerk word nie. Die skaal gee 'n gekwantifiseerde aanduiding van die mate van uitbranding. Drie subskale word met hierdie vraelys gemeet, naamlik fisieke, emosionele en kognitiewe uitputting. Soos in Hoofstuk 3 bespreek, dui 'n uitbrandingswaarde van 2-3 op geringe/ligte uitbranding. 'n Waarde van 3-4 dui op matige uitbranding, terwyl 'n waarde van 4-5 op ernstige uitbranding dui.


Volgens Figuur 4.4 ervaar 47.43% van blanke vroue en 36.8% swart vroue ligte uitbranding. Matige uitbranding kom by 37.5% blanke en 55.3% swart vroue voor. Ernstige uitbranding kom egter meer by blanke vroue (14.7%) voor as by swart vroue (7.9%).

#### **4.2.5 Lewensgelukprofiel (LG)**


In hierdie studie is van die Affectometer 2 as meetinstrument gebruik gemaak vir die bepaling van algemene lewensatisfaksie of ervaarde lewensgeluk.

Die navorsingsliteratuur toon aan dat verskeie faktore op die lewensgeluk of lewenskwaliteit kan inwerk wat 'n persoon ervaar. Fisieke aktiwiteit blyk soos aangetoon in Hoofstuk 2, 'n bepaalde invloed op lewensgeluk te hê. Rabie (1999:93) vind dat fisieke aktiwiteit 'n verhoging in lewensgeluk teweegbring.

Die totale groep respondente is in 3 groepe verdeel. Die verspreiding in Figuur 4.5 dui aan dat bestuurslui wat 'n waarde van kleiner as 15 op die Affectometer 2 behaal het, as ongelukkig beskou kan word (44.8% blanke en 34.2% swart vroue). Veertig persent (40.1%) blanke en 42.1% swart respondente het waardes tussen 15 en 26, en kan as matig gelukkig geklassifiseer word. Slegs 15.1% blanke en 21% swart respondente in die studie kan as gelukkig geklassifiseer word.



**Figuur 4.4: Uitbrandingsprofiel van blanke- en swart vroulike bestuurslui**



**Figuur 4.5: Lewensgelukprofiel van blanke- en swart vroulike bestuurslui**

Die gemiddelde waarde in hierdie studie is soos reeds genoem 15.56%±11.06, wat laer is as in 'n studie deur Fourie (1999:57) op 797 blanke manlike bestuurslui, waar die gemiddelde waarde vir lewensgluk 19.03±9.30 was. Soos gesien kan word, is die verskil nie groot nie. Vrouebestuurslui blyk dus nie wesenlik ongelukkiger te wees as manlike bestuurslui nie.


Bestuursvlak en ras kan bepaalde invloede op die gemiddelde waardes hê. Ten einde bogenoemde aspekte se invloed op die gemiddelde waardes te ondersoek, is 'n tweerigting-variensieanalise vervolgens gedoen.

### 4.3 Bestuursvlak en ras se verband met ouderdom, uitbranding en lewensgluk

Vir die doel van die ontleding is die respondente op grond van werksposisie in twee groepe verdeel, naamlik (1) topvlakbestuurslui en (2) middelvlakbestuurslui. Hierdie indeling is gemaak op grond van inligting soos deur die respondente self verskaf.


**Tabel 4.2: Bestuursvlak en ras se verband met ouderdom, fisieke aktiwiteit, uitbranding en lewensgluk**

PARAMETER	BESTUURSVLAKKE	Rasgroepe					
		Blanke			Swart		
		N	$\bar{x}$	S.A.	N	$\bar{x}$	S.A.
OUDERDOM	Topvlakbestuurshui	80	a)39.48	8.51	11	c)41.00	8.27
	Middelvlakbestuurshui	173	b)37.97	8.71	22	d)38.73	12.97
LEWENSGELUK	Topvlakbestuurshui	80	a)17.61	9.07	11	c)17.64	8.10
	Middelvlakbestuurshui	173	b)13.73	11.73	22	d)18.86	12.33
FISIEKE AKTIWITEIT	Topvlakbestuurshui	80	a)24.64	27.95	11	c)22.18	21.60
	Middelvlakbestuurshui	173	b)21.43	31.40	22	d)14.31	27.60
UITBRANDING	Topvlakbestuurshui	80	a)3.08	0.76	11	c)3.24	0.76
	Middelvlakbestuurshui	173	b)3.27	0.88	22	d)3.15	0.62




**Figuur 4.6: Bestuursvlak en ras se verband met ouderdom**

Soos aangedui in Figuur 4.6, kan gesien word dat topvlakbestuurslui (hetsy blank of swart) effens ouer is as middelvlakbestuurslui (vergelyk groepe a en b en groepe c en d onderskeidelik met mekaar). Die verskille is soos aangedui egter klein, ongeveer 1.5 jaar by beide die blanke en swart vroue. Daar kan dus aanvaar word dat ouderdom nie 'n faktor is wat verantwoordelik sal wees vir verskille tussen groepe met betrekking tot aspekte soos deelname aan fisieke aktiwiteit, uitbranding en lewensgeluk nie. By top- en middelvlakbestuurslui is die blanke vroue onderskeidelik 2.5 jaar en 1.5 jaar jonger as swart vroue (vergelyk groepe a en c en groepe d en b onderskeidelik met mekaar). Die verskille tussen die groepe is soos aangedui nie statisties betekenisvol ( $p > 0.05$ ) nie.




**Figuur 4.7: Bestuursvlak en ras se verband met fisiese aktiwiteitsindeks (FAI)**

Uit Figuur 4.7 blyk dit dat blanke topvlakbestuurslui meer fisiek aktief is as swart topvlakbestuurslui (vergelyk groepe a en c met mekaar). Dieselfde geld by die middelvlakbestuurslui (vergelyk groepe b en d met mekaar). Swart topvlakbestuurslui het egter ongeveer dieselfde fisiese aktiwiteitsindeks as blanke middelvlakbestuurslui (vergelyk groepe c en b met mekaar). Die verskille is soos aangedui nie statisties betekenisvol ( $p > 0.05$ ) nie. By die swart vroulike bestuurslui bestaan 'n relatief groot verskil met betrekking tot deelname aan fisiese aktiwiteit wanneer top- en middelvlakbestuurslui met mekaar vergelyk word (vergelyk groepe c en d met mekaar). Die verskil is nie statisties betekenisvol ( $p > 0.05$ ) nie. Beide groepe lê ook onder die 36 drempelwaarde en kan dus basies as fisiek onaktief beskou word.



**Figuur 4.8: Bestuursvlak en ras se verband met uitbranding (UB)**

In terme van uitbranding (Figuur 4.8) kom geen statisties betekenisvolle verskille ( $p > 0.05$ ) tussen die groepe voor nie. Blanke topvlakbestuurslui (groep a:  $\bar{x} = 3.08$ ) se uitbranding is effens laer as blanke middelvlakbestuurslui (groep b:  $\bar{x} = 3.27$ ). Swart topvlakbestuurslui (groep c:  $\bar{x} = 3.24$ ) en swart middelvlakbestuurslui (groep d:  $\bar{x} = 3.15$ ) verskil min van mekaar. Soos gesien kan word, is die verskille nie statisties betekenisvol ( $p > 0.05$ ) nie. Bestuursvlak en ras blyk dus nie 'n uitwerking op uitbranding by vroulike bestuurslui te hê nie.



**Figuur 4.9: Bestuursvlak en ras se verband met lewensgeluk (LG)**

Verder blyk dit (Figuur 4.9) dat blanke en swart topvlakbestuurslui ooreenstemmende lewensgelukwaardes vertoon (groepe a en c:  $\bar{x}=17.6$ ). Swart middelvlakbestuurslui is egter aansienlik gelukkiger (groep d:  $\bar{x}=18.86$ ) as blanke middelvlakbestuurslui (groep b:  $\bar{x}=13.73$ ). Die rede vir dié verskynsel is moeilik om te verklaar. Dit kan dalk wees as gevolg van regstellende aksie, of verskille in kultuur- en lewensbeskouing. Van dié twee is regstellende aksie die mees waarskynlike omdat verskille in kultuur en lewensbeskouing ook ten opsigte van uitbranding behoort te blyk. Blanke middelvlakbestuurslui bevind hulself as gevolg van regstellende aksie in 'n situasie dat hulle moontlikheid vir bevordering betreklik swak is. Dit kan uiteraard 'n uitwerking op lewensgeluk hê, aangesien in die vraelys spesifiek gemeet is hoe die

individu oor sy toekoms voel. Dit is ook interessant dat die blanke middelvlakbestuurslui ook die hoogste uitbrandingspunt vertoon van al vier die groepe (kyk Figuur 4.8). Indien lewensgeluk afhanklik is van 'n eksterne faktor soos beroepsprestasie, is dit heeltemal moontlik dat dié individu ook meer geneig is tot uitbranding.

Dit is duidelik dat blanke en swart vroulike bestuurslui nie wesenlik van mekaar verskil ten opsigte van deelname aan fisieke aktiwiteit, uitbranding en lewensgeluk nie. Daar is ook nie wesenlike ouderdomsverskille tussen die twee groepe (blank en swart) nie. Ter wille van getalle is die twee groepe by sekere analyses by mekaar gevoeg in die verdere een- en tweerigting-variensieanalises wat gedoen is.

#### ***4.4 Uitbranding se verband met lewensgeluk en fisieke aktiwiteit***

In Tabel 4.3 word uitbranding se verband met lewensgeluk asook fisieke aktiwiteit aangetoon.

Vir die doel van die analise is die respondente in drie (3) groepe verdeel volgens die mate van uitbranding wat hulle ervaar. Die indeling is gedoen volgens die grense soos gestel deur Pines *et al.* (1981). 'n Waarde van  $\leq 3.09$  dui op lae uitbranding,  $3.10-4.09$  dui op matige uitbranding en  $\geq 4.1$  op ernstige uitbranding. In die tabel verskyn inligting van die totale groep asook van die blanke en swart vroue onderskeidelik.

Volgens die eenrigting-variensieanalise wat gedoen is, kom statisties betekenisvolle verskille ( $p \leq 0.05$ ) voor tussen die drie uitbrandingsgroepe wat betref ouderdom, fisieke aktiwiteitsindeks en lewensgeluk. Die totale groep ( $F(2.266)=4.68$ ) en blanke vroue ( $F(2.225)=5.46$ ) verskil wat ouderdom betref, statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) van mekaar.

**Tabel 4.3** *Uitbranding se verband met ouderdom, fisieke aktiwiteit (FA) en lewensgeluk (LG) by vroulike bestuurslui. SANGALA-studie (N=269)*

		UITBRANDING									F-waarde
		(a) Laag ( $\leq 3.09$ )			(b) Matig (3.1-4.09)			(c) Ernstig ( $\geq 4.1$ )			
PARAMETER	Groepe	N	$\bar{x}$	S.A.	N	$\bar{x}$	S.A.	N	$\bar{x}$	S.A.	
Ouderdom	Totaal	131	36.34 <sup>b</sup>	9.38	106	39.60 <sup>a</sup>	8.74	32	40.03	8.42	$F(2,266)=4.6847^*$
	Blank	115	36.09 <sup>c</sup>	9.04	86	39.3	8.18	27	41.04 <sup>a</sup>	8.02	$F(2,225)=5.46106^*$
	Swart	14	38.43	12.49	18	40.67	11.49	3	36.00	10.58	$F(2,32)=0.273141$
Fisieke aktiwiteitsindeks (FAI)	Totaal	131	28.74	34.44	106	22.41	28.83	32	15.56	28.25	$F(2,266)=2.6797$
	Blank	115	30.97 <sup>c</sup>	35.72	86	23.26	28.83	27	13.67 <sup>a</sup>	28.39	$F(2,225)=3.60334^*$
	Swart	14	11.21	14.43	18	19.50	30.60	3	25.33	29.69	$F(2,32)=0.616984$
Lewensgeluk (LG)	Totaal	131	22.31 <sup>b,c</sup>	8.1	106	14.57 <sup>a,b</sup>	7.36	32	4.03 <sup>a,b</sup>	9.00	$F(2,266)=77.1466^*$
	Blank	115	22.13 <sup>b,c</sup>	8.16	86	13.95 <sup>a,c</sup>	7.11	27	4.04 <sup>a,b</sup>	9.44	$F(2,225)=66.2523^*$
	Swart	14	23.36 <sup>c</sup>	8.34	18	17.00 <sup>c</sup>	8.38	3	7.00 <sup>a,b</sup>	7.00	$F(2,32)=5.585449^*$

N = aantal respondente  
 S.A. = standaard afwyking  
 LG = lewensgeluk

$\bar{x}$  = gemiddelde waardes  
 FAI = fisieke-aktiwiteitsindeks  
 \* =  $p \leq 0.05$

Statisties betekenisvolheid ( $p \leq 0.05$ ) soos bepaal met die Newman Keuls post hoc-toets word met alfabetiese letters (a,b,c) aangedui.

Wat ouderdom betref, dui die Newman-Keuls post hoc-toets toon aan dat die respondente in die lae en matige uitbrandingsgroepe statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) van mekaar verskil. Dit geld by die totale groep sowel as by die blanke vroue. Die verskil tussen die groepe (lae en matige uitbranding) is in beide gevalle (totale groep en blanke vroue)  $\pm 3$  jaar, en dus nie noemenswaardig hoog nie. Daar kan dus aanvaar word dat die respondente binne die uitbrandingsgroepe dieselfde gemiddelde ouderdom het. Verder verskil die ouderdomme van blanke en swart bestuurslui nie wesenlik van mekaar nie. Daar is dus min werklike verskil tussen die ouderdomme van respondente in die groepe met lae en ernstige uitbranding. By die totale groep is daar ook slegs 'n verskil van 3.7 jaar tussen die respondente met lae uitbranding ( $\bar{x}=36.34$ ) en ernstige uitbranding ( $\bar{x}=40.03$ ). Dit is dus onwaarskynlik dat ouderdomsverwante lewenservaring en lewensrypheid die rede is waarom sommige respondente in 'n lae uitbrandingsgroep val, en ander weer hoë uitbrandingswaardes vertoon. Die respondente met lae uitbrandingswaardes is dus nie afkomstig uit 'n ander rasgroep of ouer as respondente met hoë uitbrandingswaardes nie.

Fisieke aktiwiteit en uitbranding toon geen statisties betekenisvolle ( $p > 0.05$ ) verbande met mekaar by die totale groep en die swart vroulike bestuurslui nie. Daar bestaan wel 'n neiging (soos aangetoon in Tabel 4.2) dat hoe hoër die vlakke van uitbranding is, hoe minder geneig is die respondente om fisiek aktief te wees. Die gemiddelde FAI van die lae uitbrandingsgroep is 28.74, terwyl die gemiddelde FAI van die ernstige uitbrandingsgroep 15.56 is. Die rede waarom bogenoemde waardes egter nie statisties betekenisvol is nie, kan wees as gevolg van die groot standaardafwykings (SA) wat voorkom. Daar kom wel statisties betekenisvolle verskille ( $p \leq 0.05$ ) tussen die lae en ernstige uitbrandingsgroepe voor by blanke vroue ten opsigte van fisieke aktiwiteit. Blanke en swart bestuurslui verskil egter van mekaar ten opsigte van deelname aan fisieke aktiwiteit in die lae, matige, en ernstige uitbrandingsgroepe. Daar is dus nie sterk statisties betekenisvolle ( $p > 0.05$ ) verbande tussen uitbranding en fisieke aktiwiteit nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die groep as geheel 'n verlaagde fisieke aktiwiteitsindeks (FAI) vertoon.

Verder toon die Newman-Keuls post hoc-toets dat al drie uitbrandingsgroepe statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) van mekaar verskil ten opsigte van lewensgeluk.

Respondente met ernstige uitbranding vertoon die laagste mate van lewensgeluk ( $\bar{x}=4.03\pm 9.00$ ), terwyl dié sonder uitbranding statisties betekenisvol gelukkiger is met 'n gemiddelde waarde vir lewensgeluk van  $22.31\pm 8.10$ . Bogenoemde waardes verskil statisties betekenisvol ( $p\leq 0.05$ ) van mekaar, asook van die gemiddelde waarde ( $\bar{x}=14.57\pm 7.36$ ) van respondente met matige uitbranding. Bogenoemde neiging geld ook vir blanke en swart bestuurslui onderskeidelik. Swart respondente met lae uitbranding verskil nie statisties betekenisvol ( $p>0.05$ ) van die met matige uitbranding ten opsigte van lewensgeluk nie.

Dit is dus duidelik uit die studie dat hoe minder uitbranding die respondente ervaar, hoe gelukkiger is hulle. Die vraag ontstaan nou of fisieke aktiwiteit enige invloed op die negatiewe verband wat uitbranding met lewensgeluk vertoon, kan hê. Vervolgens word die resultate van die tweerigting-variëansieanalise bespreek.

#### ***4.5 Fisieke aktiwiteit se invloed op die negatiewe verband tussen uitbranding en lewensgeluk***

Vir die doel van die ontleding is die respondente ten opsigte van deelname aan fisieke aktiwiteit in twee groepe verdeel, naamlik 'n onaktiewe groep ( $FAI\leq 44$ ) en 'n fisiek aktiewe groep ( $FAI\geq 45$ ). Soos reeds genoem, verteenwoordig 'n totale kilokalorieverbruik van meer as  $1000 \text{ kkal. week}^{-1}$  'n indeks waarde van groter as 45, en 'n berekende indeks waarde van 16 en kleiner, deelname aan fisieke aktiwiteit gelykstaande aan 'n kilokalorieverbruik van ongeveer  $150 \text{ kkal. week}^{-1}$  (Dreyer, 1991:45). Paffenbarger (1987:116) toon aan dat persone met 'n energieverbruik van meer as  $1500 \text{ kkal. week}^{-1}$  'n merkbaar laer koronêre mortaliteitsrisiko as fisiek onaktiewe individue het. Verder is die respondente in drie groepe geplaas ten opsigte van uitbranding, naamlik lae ( $\leq 3.09$ ), matige ( $3.10-4.09$ ) en ernstige ( $\geq 4.1$ ) uitbranding. Die indeling is, soos reeds genoem, gedoen volgens die klassifikasies/drempelwaardes soos verskaf deur Pines *et al.* (1981).

Vir volledigheid is ouderdom ook in die ontleding gevoeg. Soos blyk uit Tabel 4.4 verskil die groepe wat ouderdom betref nie statisties betekenisvol ( $p>0.05$ ) van mekaar nie. Die grootste verskil tussen groepe is tussen groepe e (laag aktief en hoë

uitbranding) en b (hoog aktief en lae uitbranding). Die ouderdomsverskil tussen genoemde twee groepe (e en b) is 5.56 jaar, wat 'n klein verskil is. Die groepe is wat ouderdom betref, dus taamlik homogeen.

Betreffende lewensgeluk, kom duidelike verskille tussen die groepe voor (kyk Tabel 4.4 en Figuur 4.10). By die fisiek onaktiewe respondente vind ons dat daar 'n duidelike verband tussen lewensgeluk en uitbranding bestaan, met statisties betekenisvolle verskille ( $p \leq 0.05$ ) tussen al drie die groepe (vergelyk groepe a, c en e in Figuur 4.10). By dié groep (fisiek onaktiewe respondente) kom dit dus na vore dat respondente met ernstige uitbranding betekenisvol laer lewensgelukwaardes vertoon as wat respondente wat lae uitbranding vertoon.

By die fisiek aktiewe groep kom dieselfde patroon voor. Hoe hoër die mate van uitbranding, hoe laer die lewensgelukwaardes van die respondente. By hierdie groep verskil groep b statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) van groepe d en f. Groepe d en f verskil egter nie statisties betekenisvol van mekaar nie. Dit kan moontlik verklaar word deur die klein getal respondente in dié groepe ( $d=14$ ;  $f=5$ ). Groepe c en e verskil soos aangetoon statisties betekenisvol van mekaar, en vertoon feitlik dieselfde gemiddelde lewensgelukwaardes as groepe e en f. Die verskille tussen groepe e en f is dus feitlik dieselfde as tussen groepe c en d. Dit is dus na alle waarskynlikheid slegs as gevolg van groepgroottes dat groepe e en f nie statisties betekenisvol ( $p > 0.05$ ) van mekaar verskil nie.

Soos aangedui in Figuur 4.10, toon fisieke aktiwiteit nie by een van die uitbrandingsgroepe enige verband met lewensgeluk nie. (Vergelyk groepe a en b asook c en d en groepe e en f onderskeidelik met mekaar). Fisieke aktiwiteit toon dus geen verband met lewensgeluk by respondente met lae, matige en ernstige uitbranding nie.

Uitbranding is 'n produk van 'n persoon se lewensfilosofie, en die hooforsaak van uitbranding is wanneer 'n persoon lewensinvolheid deur middel van sy werk probeer kry, aldus Pines (1993:33). Dit kan lei tot 'n bose kringloop waaruit 'n persoon homself nie kan losmaak om te ontspan nie (Strydom & Dreyer, 1991:3). 'n Ander aspek wat ook 'n produk is van 'n bepaalde lewensfilosofie, is lewensgeluk, wat

**Tabel 4.4 Fisieke aktiwiteit (FA) en uitbranding se verband met ouderdom en lewensgeluk by vroulike bestuurslui. SANGALA-studie (N=269)**

		<b>UITBRANDING</b>								
		<i>Laag</i>			<i>Matig</i>			<i>Hoog</i>		
<b>PARAMETER</b>	<b>FAI</b>	<b>N</b>	$\bar{x}$	<b>S.A.</b>	<b>N</b>	$\bar{x}$	<b>S.A.</b>	<b>N</b>	$\bar{x}$	<b>S.A.</b>
<b>Ouderdom</b>	$\leq 44$	95	(a) 36.55	9.12	92	(c) 39.88	8.14	27	(e) 41.37	8.00
	$\geq 45$	36	(b) 35.81	10.16	14	(d) 37.79	12.20	5	(f) 32.80	7.53
<b>Lewensgeluk (LG)</b>	$\leq 44$	95	(a) 21.83 <sup>c,d,e,f</sup>	8.07	92	(c) 14.78 <sup>a,b,e</sup>	7.58	27	(e) 4.30 <sup>a,b,c,d</sup>	9.49
	$\geq 45$	36	(b) 23.56 <sup>c,d,e,f</sup>	8.16	14	(d) 13.14 <sup>a,b,e</sup>	5.70	5	(f) 2.60 <sup>a,b</sup>	6.23

*N* = aantal respondente  
*S.A.* = standaard afwyking  
*LG* = lewensgeluk


$\bar{x}$  = gemiddelde waardes  
*FAI* = fisieke-aktiwiteitsindeks

Statisties betekenisvolheid ( $p \leq 0.05$ ) soos bepaal met die Newman Keuls post hoc-toets word met alfabetiese letters (a,b,c,d,e,f) aangedui.

verband hou met waardes en norme (Seaward, 1991:67). Daar kan nie verwag word dat fisieke aktiwiteit die invloed van sulke eksterne faktore totaal sal neutraliseer nie.

Rabie (1999:89) doen 'n studie op 70 blanke vroue en vind dat fisieke aktiwiteit 'n positiewe invloed het op lewensgeluk, onafhanklik van massa en eksterne faktore soos lewensfilosofie. Verdere ontleding van die resultate wys egter daarop dat daar nie gekyk is na aanvangswaardes van stres of lewensgeluk nie, wat 'n groot invloed op die resultate kan hê. Fisieke aktiwiteit het in 'n studie deur Dreyer (1999) die lewensgeluk van respondente met lae aanvangswaardes statisties betekenisvol ( $p \leq 0.05$ ) verbeter. Fisieke aktiwiteit het die waardes egter nie naastenby tot op dieselfde vlak verbeter as dié van die respondente wat by aanvang hoë waardes gehad het nie. Lewensgeluk en uitbranding is, soos reeds genoem, grootliks 'n produk van hoe 'n mens na die lewe kyk, en dit is onwaarskynlik dat fisieke aktiwiteit 'n persoon se lewensuitkyk sal verander.

Met die uitbrandingsvraelys is oorwegend negatiewe gevoelens gemeet, byvoorbeeld gevoelens van depressie, emosionele en fisieke uitputting, ongelukkigheid, hopeloosheid en angstigheid. Dit handel dus hoofsaaklik oor 'n negatiewe uitkyk op die lewe. Met die lewensgeluk- of lewenskwaliteitvraelys is die teenoorgestelde gemeet, naamlik positiewe gevoelens, byvoorbeeld of die persoon van homself hou, voel hy hy is op die regte pad en voel dat die lewe sin en betekenis het. Dit is dus duidelik dat uitbranding 'n produk is van 'n heeltemal anderssoortige lewensuitkyk as wat lewensgeluk is. Uitbranding is 'n produk van 'n lewensuitkyk wat gebaseer is op vrees en afhanklikheid en wat gevoelens van hulpeloosheid tot gevolg het. Lewensgeluk aan die ander kant, verwys na 'n lewensfilosofie wat die lewe as 'n uitdaging en geleentheid sien asook na 'n lewe gebaseer op 'n hoër missie, duidelike doelwitte en selfaanvaarding (kyk vrae in Aanhangsel). Ander aspekte wat 'n invloed op die verband tussen lewensgeluk en uitbranding kan hê, sluit in die aantal jare wat die persoon in sy huidige beroep is, bestuursvlak en tipe bedryf. Die vraag wat nou ontstaan, is of respondente met uitbranding met behulp van bogenoemde aspekte en faktore soos ouderdom, ras, deelname aan fisieke aktiwiteit en lewensgeluk voorspel/geïdentifiseer kan word. Die vraag ontstaan ook of lewensgeluk te midde van sulke eksterne faktore steeds 'n sterk omgekeerde verband met uitbranding vertoon. Ten einde hierdie vrae te beantwoord, is 'n diskriminantontleding gedoen.



**Figuur 4.10: Fisieke aktiwiteit se invloed op die verband tussen uitbranding en lewensgeluk**

#### 4.6 Diskriminantontleding ter voorspelling van uitbranding

'n Diskriminantontleding is uitgevoer om te bepaal of respondente met uitbranding deur faktore soos ouderdom, ras, bestuursvlak, tipe bedryf, jare in beroep en lewensgeluk voorspel kan word.

**Tabel 4.5 Die mate waartoe uitbranding voorspel kan word soos bepaal met 'n diskriminantontleding**

<i>UITBRANDING-GROEPE</i>	<i>VOORSPELLINGS %</i>	<i>Aantal respondente in groep 1</i>	<i>Aantal respondente in groep 2</i>	<i>Aantal respondente in groep 3</i>
<i>Laag (N=129)</i>	<i>75.97</i>	<i>98</i>	<i>31</i>	<i>0</i>
<i>Matig (N=103)</i>	<i>59.22</i>	<i>37</i>	<i>61</i>	<i>5</i>
<i>Ernstig (N=30)</i>	<i>43.33</i>	<i>2</i>	<i>15</i>	<i>13</i>
<b><i>TOTAAL</i></b>	<b><i>65.65</i></b>	<b><i>137</i></b>	<b><i>107</i></b>	<b><i>18</i></b>

